


# *Die Voortrekkers*



**OFFISIERSHANDLEIDING**

**vir**

**Penkoppe en Drawwertjies**

**in**

**Graad 5**

Uitgegee deur:

**Die Voortrekkers**, Posbus 12015,  
QUEENSWOOD, 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, eerste druk 1996

Eerste hersiening, eerste druk 2001

Tweede uitgawe, eerste druk 2006

ISBN 1-874993-90-4

**INHOUD**

INLYWING .....	4
1 Inlywingsvereistes .....	5
EK AS MENS .....	12
1 Menswees .....	12
2 Spaarsin .....	14
3 Paraatheid .....	16
EK IN MY OMGEWING .....	18
1 Hantering van Gereedskap .....	18
2 Natuur en Omgewing .....	22
3 Lewensredding .....	26
4 Kampering .....	32
5 Rigting en Skuilings .....	38
EK AS VOORTREKKER .....	41
1 Die Voortrekkers – Die Gebied .....	41
2 Die Voortrekkerwapen .....	43
3 Seremonie Vaardighede .....	45
4 Die Voortrekkerkode .....	48
5 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel .....	49
6 Sang .....	51
7 Spele .....	52
EK AS AFRIKANER .....	54
1 Volkshelde .....	54
2 My Taal .....	58
EK AS LANDSBURGER .....	60
1 Die Geskiedenis van ons Volk en Land .....	60

**AAN ELKE SPANOFFISIER**

Baie welkom hier aan die begin van 'n opwindende jaar saam met jou span.

Om die span suksesvol en gemaklik te kan hanteer, benodig jy die basiese kursusse en die volgende literatuur:

- ♦ *Offisiershandleiding vir Penkoppe en Drawwertjies in Graad 5.*
- ♦ *Penkop en Drawwertjie Werkboek vir Graad 5.* (een vir elke kind in jou span)
- ♦ *Spesialisasies vir Penkoppe en Drawwertjies.*
- ♦ *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.* Hierdie boek kan jy van graad 1 tot graad 7 gebruik en met groot vrug selfs ook later.

Aan die einde van die jaar kan jeuglede wat die inhoud van dié graad se werk suksesvol deurgewerk het, 'n silwer graadwielkenteken kry. Hierdie kenteken word op die erkenningsbaadjie aangebring. Die besonderhede oor die aanwerk van alle kentekens sal u vind in die afdeling oor Voortrekkerdrag.

Sterkte en geniet jou span.

Nasionale Komitee vir Penkop- en Drawwertjiesake.

U het vanjaar 'n besondere geleentheid om te help bou aan 'n medemens en te vorm aan 'n burger van ons land. Baie voorspoed met u taak. Ons vertrou dat u aan die einde van die jaar na vele hoogtepunte sal kan terugkyk.

**Mag ek die rede wees dat 'n kind sal sê:**

**My erfenis is vir my mooi.**

Met dank en erkenning vir die samestelling en afronding van hierdie boeke aan:

Margriet Venter, Nell Smith, Maatjie Greyling

## INLYWING

Wanneer nuweling aansluit, is daar 'n paar sake wat spoedig en korrek afgehandel moet word. Lede kan dwarsdeur die jaar aansluit alhoewel die begin van die jaar meer wenslik is.

### Taak van die offisier

1. Deurgee van die nodige inligting aan ouers.
2. Uitgee van en ontvang van registrasievorms.
3. Toesien dat jeuglid geregistreer word.
4. Toesien dat jeuglid ledegeld betaal.

### Taak van die Ouer

1. Vergewis homself van wie en wat *Die Voortrekkers* is.
2. Korrekte voltooiing van die registrasievorm.
3. Betaal van die voorgeskrewe gelde.
4. Meelewing en ondersteuning aan span en kommando.

### Inligting vir die afhandeling van bogenoemde

**Registrasie** as lid van die Beweging: Registrasie geskied deurdat elke voornemende Voortrekker by die betrokke gebiedskantoor geregistreer word voordat hy aan Voortrekkeraktiwiteite mag deelneem.

Elke ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm voltooi en saam met die ledegeld aan die kommando terugbesorg. Die kommandodagbestuur moet sorg dat die registrasie plaasvind en die offisier se taak is eers afgehandel wanneer die registrasienommer terug ontvang is.

**Voortrekkerdrag:** Om eenvormigheid binne die Beweging te skep, is 'n voorgeskrewe drag vir alle lede nodig. Die Penkop en Drawwertjie dra 'n rooi, wit of blou gholfhemp met die geborduurde wapen, met 'n blou broek/romp, verkieslik van 'n denim materiaal.

As formele drag word die erkenningsbaadjie, waarop die kentekens aangewerk word, bo-oor die hempie gedra.

Voorskrifte hieroor sal u vind in die reglement vir Voortrekkerdrag.

Inligting wat aan die ouers deurgegee moet word: Maak die nodige hoeveelheid afskrifte van die volgende of gebruik soortgelyke vorms wat deur u kommando verskaf word om die inligting aan die ouers te gee.

<b>Kommandonaam:</b>	<b>Spannaam:</b>
Adres	Offisier
Telefoon	Telefoon
Kommandoleier	<b>Spanbyeenkoms:</b>
Telefoon	Plek
	Tyd
<b>Koste van:</b>	<b>Kampe:</b>
Ledegeld per jaar	Spankamp
Betaalbaar teen	Kommandokamp
Gholfhemp	Oordkamp
Erkenningsbaadjie	Gebiedskamp
Kentekens	Uitstappies
Werkboek	Ander

**Inlywings geleentheid:**

Elke nuwe Penkop en Drawwertjie word tydens 'n amptelike geleentheid, wat normaalweg deur die kommando gereël word, ingelyf. Iets spesiaals moet van die geleentheid gemaak word en dit moenie as 'n lastige formaliteit afgehandel word nie. Die inlywing kan dalk bepalend wees hoe lank die jeuglid 'n Voortrekker sal bly.

Die ouers moet na die geleentheid uitgenooi word waartydens die nuwe jeuglid die belofte hardop aflê omdat hy graag 'n Voortrekker wil wees. Al die aanwesige Voortrekkers is in formele Voortrekkerdrag. Die aflê van die belofte is **altyd** 'n plegtige, formele geleentheid. 'n Spesiale persoon soos die Gebiedsleier, Oordleier, Kommandoleier, of 'n Erelid neem die plegtigheid waar.

Die nuweling moet aan die volgende **inlywingsvereistes** voldoen:

1. Die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees.
2. Die Voortrekkerwapen kan herken.
3. Die Voortrekkervlag herken.
4. Die korrekte Voortrekkerdrag besit en dra.
5. Basiese drilbewegings naamlik: aandag en op die plek rus kan uitvoer.
6. Die Voortrekkersaluut kan uitvoer.

## **1 INLYWINGSVEREISTES**

### **1.1 DIE BELOFTE**

*Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,  
om gehoorsaam te wees,  
om my volk, my land en my medemens te dien  
en bo alles die Here lief te hê.*

#### Wat is 'n Belofte?

'n Belofte is 'n versekering (kontrak) om te doen wat ek gesê het, want my woord is my eer.

'n Belofte moenie ligtelik gemaak word nie, want mens breek nie 'n belofte nie.

Wanneer 'n mens inwillig om iets te doen of by te dra tot iets, dan behoort jy ook bereid te wees om 'n belofte af te lê.

In die latere lewe word daar ook beloftes afgelê soos byvoorbeeld by belydenisaflegging in die kerk, die troubelofte en die doopbelofte. Beloftes aan meerderes, gelykes en minderes is ewe belangrik.

Probeer om die begrip tuis te bring deur middel van 'n storie, 'n poppekas of selfs 'n opvoering deur 'n ouer span. 'n Belofte moet nagekom word al word dit aan wie ook al gemaak. Daarom moet 'n mens baie seker wees voordat 'n belofte afgelê word.

Wat beteken die belofte?

Ek sal	gemotiveerd om iets te wil doen
oral	op enige plek
altyd	aanhoudend
probeer	al gaan ek dit nie die eerste keer regkry nie
'n Voortrekker te wees	alles te doen wat van my as Voortrekker verwag word
gehoorsaam	te luister sonder redekawel
my volk	die mense wat net soos ek leef, dink en doen
my land	die plek waar ek woon en sy mense
my medemens	die mense rondom my
te dien	om te gee vir ander en te help
bo alles	die belangrikste
die Here lief te hê	om aan Hom gehoorsaam en getrou te wees

Die Penkop en Drawwertjie moet die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees. Terwyl die belofte afgelê word, moet die saluut geneem word. Die aflê van die belofte is altyd 'n plegtige formele geleentheid. Die Penkoppe en Drawwertjies hou van aandag en moet op 'n plek ingelyf word waar hulle gesien kan word.

Wat doen jy met die Penkop en Drawwertjebelofte?

Die belofte word nie net eenmalig gebruik om die Penkop en Drawwertjie ingelyf te kry nie, maar moet voortdurend "gebruik" word, byvoorbeeld:

1. Dit kan aan die begin of einde van 'n spanbyeenkoms voorgelees word.
2. Die span kan dit saam opsê nadat spangodsdiens gehou is.
3. Die belofte en spanlied behoort 'n inskrywing op elke spanbyeenkoms se program te wees.
4. Laat die Penkop en Drawwertjie, na sy inlywing, op die werksblad aantekene wanneer, deur wie en waar hy ingelyf is.

**AANBIEDING**

1. *Om die belofte bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoond kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
2. *Moenie alles tydens een geleentheid behandel nie, maar behandel die betekenis soos die belofte aangeleer word. Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle beloof het om sodoende koers aan hulle in die lewe te gee.*
3. *Gee aan die Penkop en Drawwertjie ook geleentheid om te sê hoe hy die betekenis van die belofte sien, stel reg waar nodig, maar luister fyn na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe jy moet optree om die regte leiding te gee.*

## 1.2 DIE VOORTREKKERWAPEN

### Wat is 'n wapen?


'n Wapen is 'n uitkenningsteken vir 'n groep, beweging of vereniging. Die tradisie dateer uit die Middeleeue toe ridders sekere sinnebeelde op hul skilde uitgewerk of geskilder het. So 'n wapen of uitkenningsteken het 'n groot gevoelswaarde vir die lede van die groep gehad en dit was vir hulle dikwels die sinnebeeld van hul voortbestaan, waarvoor hulle dan sou veg tot die bitter einde toe. So het elke land, provinsie, stad, dorp, inrigting, kerk, skool en vereniging vandag sy eie wapen of kenteken wat hom onderskei van ander soortgelyke instellings. Net soos 'n skool 'n wapen het wat spesiaal vir die skool ontwerp is, so het ons Voortrekkers ook 'n wapen wat spesiaal vir ons ontwerp is. Een van die stigterslede van *Die Voortrekkers*, **prof B Taute**, het die idee van die wiel en 'n fakkel vir ons wapen voorgestel, en ons eerste Hoofleier, **dr N J van der Merwe**, het die mooi leuse HOU KOERS vir ons gegee.

### Waarom het *Die Voortrekkers* 'n wapen?

'n Kenteken is gewoonlik gebaseer op dit waarvoor die beweging staan met 'n aanduiding daarby van die doel en strewe en toekomsdele van die instelling of organisasie. Dit is dus vanselfsprekend dat 'n beweging soos *Die Voortrekkers* 'n wapen of uitkenningsteken sal hê. Aangesien *Die Voortrekkers* 'n kulturbeweging vir die Afrikanerjeug is, lê dit voor die hand dat 'n uitkenningsteken gekies is wat gebaseer is op die volksverlede van die Afrikanervolk met 'n baie duidelike aanduiding daarby wat die ideale van die Beweging is.

### Hoe lyk die Voortrekkerwapen?

Die wapen bestaan uit die voorwiel van 'n kakebeenwa, 'n brandende fakkel en die leuse van *Die Voortrekkers* onderaan, naamlik "HOU KOERS". Die rooi, wit en blou van die Voortrekkerflag is ook die kleure van die wapen.



### Die boodskap van die Voortrekkerwapen

#### **Die voorwiel van 'n kakebeenwa met tien speke**

Daar is 'n speek vir elke bepaling van die Voortrekkerkode. Die wiel is silwer. (Om die wiel in te kleur, gebruik 'n gewone sagte potlood en kleur liggies en egalig in, dan lyk dit baie soos silwer). Die boodskap wat die wiel uitdra, is een van beweging en vooruitgang en dit dui op lewe.

#### **'n Brandende fakkel**

Die fakkel is wit met 'n rooi vlam en word met 'n blou lint aan die wiel vasgemaak. Hier gebruik ons die drie Voortrekkerkleure. Net soos die vlam vir ons lig gee, gebruik ons dit as simbool van ons geloof in God wat vir ons die lig op ons lewenspad is. 'n Vlam kan versprei en kan 'n groot vuur veroorsaak. Voortrekkers behoort ook hulle kennis en liefde vir God en hul land na ander te versprei om daardeur 'n verskil te maak.

#### **'n Blou lint met die woorde van ons leuse: Hou Koers**


Die leuse spoor ons aan om doelgerig te lewe. Die Bybel is vir ons soos 'n kompas wat die rigting aandui. As ons die rigting volg wat daardie kompas aandui sal ons koers kan hou na ons ewige doel.



### AANBIEDING

1. *Bogenoemde inligting hoef nie alles aan die kleiner kind oorgedra te word nie. U ken u span en weet waartoe hulle in staat is. Gee die inligting so eenvoudig moontlik aan hulle.*
2. *Gee die vorige week opdrag dat die span prentjies van wapens moet saambring, ook 'n kleurafdruk van die Voortrekkerwapen. Sorg u ook vir 'n klompie. Probeer om saam met hulle vas te stel wat die verskillende wapens se boodskap is.*
3. *Gesels dan met die span oor wat 'n wapen is en wat die nut daarvan is.*
4. *Laat hulle self vasstel waar die wapen op die formele Voortrekkerdrag voorkom.*
5. *Laat die Penkoppe en Drawwertjies die Voortrekkerwapen herken.*

### 1.3 DIE VOORTREKKERVLAG



#### Wat is 'n vlag?

'n Eie vlag is 'n teken van 'n volk of organisasie of 'n skool se onafhanklike bestaan. Dit beteken dat die volk, organisasie of skool hulle "eie baas" is. Hulle reël en bedryf dinge soos dit hulle pas en by hulle doen en late inpas en geen buitestaander skryf aan hulle voor nie. So 'n uitkenningsteken is gewoonlik die trots van 'n land se mense, 'n skool se leerlinge of 'n organisasie se lede. Mense is ook bereid om op te offer ter wille van die behoud van 'n vlag. Selfs oorloë is al gevoer vir die behoud van 'n vlag. 'n Vlag kan vir 'n volk selfrespek gee en motiveer.

#### **Die Voortrekkervlag**

Die vlag bestaan uit rooi, wit en blou driehoeke. Die rooi driehoek is aan die bokant van die vlag met die skerp punt van die wit driehoek die naaste aan die vlagpaal. Die vlag was oorspronklik die vlag van die eertydse Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev. M. M. Jansen, voorgestel dat hierdie vlag vir *Die Voortrekkers* aanvaar word. Mev. Jansen het ook self die eerste vlag gemaak wat op 30 September 1931 deur genl J. B. M. Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig is.

Die Vlaglied

*Nooit hoof jou kinders wat trou is te vra:  
 Wat beteken jou vlag dan Suid-Afrika?  
 Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg  
 Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;  
 Die pand van ons erf'nis, geslag op geslag,  
 om te hou vir ons kinders se kinders wat wag:  
 Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,  
 Uitgegee op gesag van die Hoogste se hand.  
 Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,  
 Die vlag van ons eie Suid-Afrika.*

Woorde: C. J. Langenhoven


Toonsetting: F. J. Joubert

**AANBIEDING**

1. Kry die vlag gereed. U kan ook 'n stormvlag vir die geleentheid gebruik.
2. Vertel hoekom ons 'n vlag het.
3. Wys daarna hoe die vlag lyk. Laat die spanlede die vlag hanteer en self die verskillende kleure en dele uitwys.
4. Wys hoe die vlag aan die paal hang en laat hulle self oplet watter deel bo is.
5. Die jong Penkoppe en Drawwertjies is lief vir parades en daarom moet hulle gereed saam met die res van die kommando daaraan deelneem.
6. Die aanleer van die woorde van die Vlaglied kan oor 'n aantal vergaderings strek. Om die wysie aan te leer kan 'n groter Penkop- en Drawwertjiespan gevra word om te kom saam sing.

**1.4 VOORTREKKERDRAG**

Die volgende kentekens moet voor inlywing op die nuweling se erkenningsbaadjie aangebring wees.



**Vir inlywing is formeledrag 'n vereiste.**

## 1.5 DIE SALUUT

Die saluut word uitgevoer vanuit die “aandag”-posisie.

Dit is 'n vorm van eerbetoon en word dus gebruik op 'n voorgeskrewe manier.

- Die regterhand word uit die aandag-posisie met die kortste pad opgelig na die linker bors sodat die wysvinger aan die sleutelbeen raak.
- Die vingers is gestrek en saam met die hand, gewrig en voorarm vorm dit 'n reguit lyn en die duim bly teenaan die ander vingers.
- Wanneer die saluut gebruik word tydens die aflegging van 'n belofte of tydens 'n vlagseremonie moet die saluut vir die volle duur van die belofte of die lied gehou word.
- Sou vlagdraers die vlag na 'n hysing salueer is dit net vir twee tellings.
- Na die saluut word die hand weer afgebring na die sy, die hand vou toe vir die aandag posisie.
- Die hand mag nie teen die broek of romp klap nie.



## 1.6 BASIESE DRILBEWEGINGS

### Aandag.

Die bevel klink so: "A--a--n-dag"

Die "aan" gedeelte laat jou luister, op die "dag" gedeelte word die volgende beweging uitgevoer:

- Hou die regtervoet stil en die regterknie reguit.
- Sit jou linkervoet flink langs jou regtervoet neer.
- Almal se voete kom presies gelyktydig op die grond neer sonder **om dit te stamp**.
- Die arms beweeg gelyktydig na die sye.
- Die gewig is nou op albei voete.
- Die vingers is gebuig maar nie gebal nie.
- Die houding:
  - Liggaam is regop.
  - Kop regop en kyk reguit vorentoe.
  - Skouers is nie opgetrek nie maar effe na agter en die bors stoot natuurlik uit.
  - Die arms hang reguit van die skouers af.
  - Elmoë is teen die sye en die gewrigte is reguit.



Die "aandag" posisie word gebruik waar 'n groep netjies moet aantree en/of respek moet betoon.

### Op die plek rus

Die bevel klink so: "Op die pl--e--k- rus"

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit die linkervoet 'n entjie van die regtervoet af neer.
- Die gewig is op albei voete.
- Almal se voete kom gelyktydig op die grond neer sonder om te stamp.
- Saam met die voete beweeg die hande met die kortste pad na agter die rug.
- Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand en die regterduim is oor die linkerduim gekruis.
- Die houding is nou:
  - Die arms is gestrek agter die rug en die bene is reguit.
  - Die tone is effe na buite gedraai.
  - Kop regop en kyk vorentoe.
  - Die liggaam is nog steeds gestrek en flink.



"Op die plek rus" word gebruik om die groep tydens 'n seremonie gemaklik maar tog netjies te laat staan.

Aangesien die ontvang en die uitvoer van bevels vir die nuweling vreemd is, moet die basiese bewegings vir hom aangeleer word voordat hy ingelyf word.

## EK AS MENS

### 1 MENSWEES

#### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die waarde en moontlikhede van spanwerk te leer.
2. Om die Penkop en Drawwertjie meer van homself te leer.

#### INHOUD

1. Inleiding
  2. Kennis van mekaar
  3. Waardering van mekaar
  4. Credo (slagspreuk en spankode)
- 

#### 1.1 INLEIDING

Die mens is 'n skepsel van God en nie alleen geskape nie maar binne 'n groep soos 'n gesin, 'n familie en 'n volk geplaas. Die spreekwoord sê ook dat ons 'n mens is as gevolg van ander mense. Binne *Die Voortrekkers* is hierdie groepe, spanne. In die spanne wil ons eienskappe soos verdraagsaamheid, mededeelsaamheid en veral erkenning van die verskille tussen mense, vaslê. Terwyl die span gelei word om 'n spanslagspreuk en 'n spankode te formuleer, skep ons 'n gemeenskaplikheid in die span. Terselfdertyd kyk ons egter ook na die individuele lede en elkeen se positiewe kenmerke. So erken ons die feit dat elkeen 'n eie persoonlikheid het en dat **elkeen** se bydrae uniek en noodsaaklik vir die optimale funksionering van die span is. Menswees beteken dat jy jouself én die mense rondom jou ernstig opneem, want almal is skepsels van God.

#### 1.2 KENNIS VAN MEKAAR

Die spanlede moet die geleentheid kry om mekaar beter te leer ken.

#### AANBIEDING

1. *Laat die kinders eers gesels oor hoe om meer omtrent sy maat uit te vind en watter tipe vrae gevra kan word. Die volgende is moontlike vrae:*
  - *het hy enige spesiale talente;*
  - *hoeveel kinders is hulle;*
  - *van watter vak op skool hou hy en van watter een nie;*
  - *watter troeteldier het hy of wil hy graag hê;*
  - *wat laat hom gelukkig voel;*
  - *waarmee speel hy die graagste;*
  - *wat wil hy eendag word;*
  - *watter soort straf is vir hom die swaarste.*
2. *Verdeel die span soos volg:*

*Neem die helfte soveel stukkies wol as wat daar spanlede is. Hou dit in 'n bondel in die middel vas sodat die punte van die toutjies aan weerskante uitsteek. Laat elke spanlid nou die punt van 'n toutjie vasvat en dié wat aan dieselfde toutjie trek, werk met mekaar saam.*

3. *Laat elkeen meer van sy maat uitvind deur bogenoemde vrae of ander wat hulle uitdink, te vra.*
4. *Nadat hulle in die pare met mekaar gesels het, sit die spanlede in 'n kring. Die een oor wie daar terugvoering gegee word, sit in die middel van die kring en sy toumaat vertel wat hy van sy maat uitgevind het. Die ander spanlede moet noukeurig luister en kan hom nog verder uitvra. U mag ook nog vrae vra.*
5. *Laat die spanlede weer in pare verdeel en vra elkeen om 3 positiewe eienskappe (goeie dinge wat hy van sy maat waardeer) neer te skryf. Dit kan selfs iets wees wat hy raakgesien het toe die maat in die middel van die kring gesit het. Laat elkeen dan aan sy maat sê wat hy geskryf het en dit met mekaar bespreek.*
6. *Laat elkeen 'n wenk op 'n stukkie papier neerskryf oor iets waaraan sy maat aandag moet gee wat tot sy voordeel sal wees, vou die papiertjie toe en gee dit aan sy maat. (Byvoorbeeld: hy kan meer glimlag; moet aandag gee aan 'n slegte asem; stry baie; moet luister as mense praat; moenie altyd sê hy kan nie, ensovoorts.)*

### 1.3 WAARDERING VAN MEKAAR

Hierdie oefening is om te leer om te vertrou.

#### AANBIEDING

1. *Stel 'n hindernisbaan op met kartondose, toue, planke, stoele of enige ander voorwerp in 'n beperkte ruimte.*
  - *Die spanlede verdeel weer in pare en besluit watter een eerste geblinddoek moet word. Die geblinddoekte spanmaat moet **niks** kan sien nie.*
  - *Die geblinddoekte spanlid word deur sy maat vanaf punt A na punt B deur die hindernisbaan gelei sonder om aan hom te raak en slegs te sê waar om te loop. By punt B ruil die pare rolle om en sodra die spanlid geblinddoek is, word die hindernisbaan verander. Wanneer daar teen een van die hindernisse gestamp word, moet die geblinddoekte spanlid 5 tree terugbeweeg voordat hy weer kan voortgaan.*
  - *Volg hierdie prosedure met al die pare. Die oefening kan op 'n kompetisiebasis tussen die pare herhaal word.*
  - *Die tyd wat elke paartjie neem om die hindernis te voltooi, word aangeteken en die tye vergelyk. Spangees kan gebou word deur twee spanne, byvoorbeeld dogters en seuns teen mekaar te laat kompeteer.*
2. *Laat die span in 'n kring sit en die volgende bespreek: het die span aan sy credo voldoen tydens die kompetisie en wat het elkeen van homself geleer?*
3. *Die Nasionale Filmoteek beskik oor video's wat heelwat van bovermelde aspekte behandel. Let op na die korrekte teikengroep.*
4. *Om die aanbieding mee af te sluit kan elkeen vir 'n ander 'n mooi kaartjie maak om te sê waarom hy sy vriendskap waardeer.*

### 1.4 CREDO – SLAGSPREUK EN SPANKODE

#### AANBIEDING

*Nota: Verseker dat u en die spanlede reg ingestel is en die omstandighede gunstig is vir die aanbieding van hierdie onderwerp. Die lesse wat hieruit geleer kan word, moet gereeld deur die jaar aandag geniet. Die*

voorgeskrewe aanbieding kan gevolg of ander tegnieke kan gebruik word wat by u en die span se persoonlikhede pas.

Hierdie aktiwiteite word gewoonlik in pare of klein groepies of as span gedoen.

1. Laat die span 'n slagspreuk opstel en dit in die werkboek neerskryf.
2. Laat die span 'n credo opstel. Gee leiding deur onder andere die volgende in ag te neem:
  - Die span is verantwoordelik vir mekaar, nie net by die Voortrekkers nie, maar oral in die gemeenskap.
  - Die credo moet op die uitlewing van die Voortrekkerkode gebaseer wees.
  - Vra onder andere die volgende vrae waarop die spanlede self die antwoorde moet verskaf:
    - ✧ Watter reëls sal vir 'n Voortrekkerspan geld:
      - ↳ teenoor mekaar
      - ↳ teenoor nie-Voortrekkers, en
      - ↳ ten opsigte van getrouheid, deelname, luister, beloftes, eerlikheid, netheid, optrede?
    - ✧ Wat maak ons met die spanlede wat nie die Voortrekkerkode uitleef nie?
    - ✧ Wat verwag die span van die spanleier?
    - ✧ Wat kan die spanleier van sy span verwag?
    - ✧ Hoe word daar teen spanlede opgetree wat nie gereeld die spanbyeenkomste bywoon nie?
3. Maak gebruik van die inligting in die afdeling oor spanbestuur in Ondersteuning vir Penkoppe en Drawwertjie Offisiere.
4. Laat die spanlede die reëls op 'n kaart en in hulle werkboeke neerskryf.

## 2 SPAARSIN

### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie elementêre beginsels van begroting en spaar aan te leer.

### INHOUD

1. Tydsbesteding
2. Begroting
3. Werklike ontvangste en betalings
4. Spaarrekening en bankkaart

---

### 2.1 TYDSBESTEDING

Geen mens het meer as 24 uur in 'n dag of meer as 7 dae per week of meer as 12 maande in 'n jaar beskikbaar nie. Party mense kry dit reg om meer as ander gedoen te kry omdat hulle tydsbenutting beter is. Dit kom nie vanself nie. 'n Mens moet dit vooraf beplan.

## 2.2 BEGROTING

### AANBIEDING

1. *Bespreek die volgende met die span:*
  - *Hoeveel geld het 'n graad 5 kind nodig?*
  - *Wat wil jy met jou geld maak?*
  - *Hoe kan jy geld verdien?*
2. *Verduidelik dat 'n begroting 'n goeie balans tussen 'n persoon se inkomste en uitgawes moet bewerkstellig. Gebruik 'n skaal of prakseer 'n plankie wat op 'n voorwerp balanseer. Plaas gewigte of muntstukke op die punte van die plankie. Die een punt is die inkomste en die ander die uitgawes.*
3. *Verduidelik aan hulle die voor- en nadele van 'n begroting.*
4. *Gebruik die onderstaande voorbeeld om aan die kinders te verduidelik hoe om 'n begroting op te stel: Pieter kry 'n toelaag van R20 per maand en verdien nog R17 per maand met werkies. Beplan nou hoe hy dit sinvol kan bestee.*

INKOMSTE / ONTVANGSTE			UITGAWE / BETALINGS		
Toelaag	R20	00	Kerk	R2	00
Verkoop ou klere	R5	00	Spaar	R3	00
Sny gras	R5	00	Haarsny	R10	00
Was die motor	R7	00	Lekkers	R4	80
			Mooi pen	R4	00
			Fietsonderdele	R6	20
			Fliiek	R7	00
	<b>R37</b>	<b>00</b>		<b>R37</b>	<b>00</b>

5. *Gee aan elke spanlid opdrag om sy eie begroting volgens sy inkomste en behoeftes op te stel. Laat hulle die tabel in die werkboek gebruik.*

## 2.3 WERKLIKE ONTVANGSTE EN BETALINGS

'n Begroting alleen is nie genoeg nie. 'n Mens moet ook die werklike ontvangstes en betalings aanteken sodat jy kan sien of die begroting gehaal word. Wanneer die betalings meer is as die ontvangstes, moet jy van jou spaargeld gebruik om deur te kom. So 'n toestand kan nie te lank aanhou voordat 'n mens bankrot is nie. Daar is twee maniere waarop 'n tekort aangevul kan word:

- 1 Verhoog jou inkomste of
- 2 Verminder jou uitgawes.

### AANBIEDING

1. *Laat die kinders die opdrag in die werkboek voltooi.*
2. *Vergelyk dit periodiek met die begroting en laat hulle dan die vrae beantwoord.*



## 2.4 SPAARREKENING EN BANKKAART

### AANBIEDING

1. Reël 'n besoek aan 'n bank waar een van die personeel die werking van 'n spaarrekening en 'n bankkaart aan die groep kan verduidelik, of,
2. Nooi 'n kenner na 'n spanbyeenkoms waartydens bogenoemde verduidelik word.

Vra in albei gevalle dat die aanbieder veral op die volgende konsentreer:

1. Wat is 'n spaarrekening / Wat is sy voordele, nadele en rente.
2. Hoe om 'n spaarrekening te open en te bestuur.
3. Die gebruik en bestuur van 'n bankkaart.
4. Die voordele en nadele van bankkaarte.
5. Hoe om 'n bankkaart te bekom.
6. Wat is 'n belegging.
7. Wat is rente.

## 3 PARAAATHEID

Om "staande" te bly onder alle omstandighede en om jouself te motiveer moet jy 'n goeie selfbeeld en vertrouwe in jou eie vermoëns hê.

### Selfbeeld

Om 'n goeie selfbeeld op te bou, moet daar eers na die persoon se sterk punte gekyk word. Hy moet daarvoor geprys en aangemoedig word om steeds te verbeter.

By 'n latere geleentheid moet daar ook aan die swak punte in sy persoonlikheid en vermoëns aandag gegee word. Die kind moet geleer word om dit te aanvaar en gehelp word om dit reg te stel. Die spanstelsel gee wonderlike geleenthede vir die bou van selfvertroue en 'n goeie selfbeeld. Let noukeurig op die kinders se reaksies sodat u kan weet hoe om op te tree. Erkenning kweek selfvertroue, 'n gebrek daaraan gee 'n gevoel van minderwaardigheid en onvermoë.

Wanneer u dus in die spankamer kritiek moet lewer, kritiseer die saak en nie die kind nie.

Om 'n kind aan te spoor om homself te motiveer moet aan sy basiese behoeftes voldoen word sodat hy veilig voel en weet dat hy deel is van 'n groep.

### Selfmotivering.

Om steeds te verbeter, moet die kind aan homself doelwitte stel wat hy moet probeer verwesenlik. Dit is belangrik dat die ideale nie geheel buite sy bereik en vermoë moet wees nie en daarom sal die motivering van kind tot kind verskil.

***Sukses verhoog die doelwitte, maar mislukking verlaag dit.***

***As 'n moeilike taak suksesvol afgehandel is, is daar baie entoesiasme vir die volgende.***

***Matige mislukkinge kan soms 'n positiewe uitwerking hê.***

Beklemtoon die feit dat 'n kind met homself kompeteer en nie altyd met ander kinders nie. Wat hier moet ontwikkel, is die stel en verwesenliking van persoonlike uitdagings. Die ideaal is dan ook dat elke mens vir homself standarde stel en nie afhanklik sal wees van wat ander van hom verwag nie.

Help die kind om te beseef dat hy slegs dit wat veranderbaar is, kan verander terwyl daar dinge in die lewe is wat hy net eenvoudig sal moet aanvaar, byvoorbeeld die vorm van sy neus is 'n feit, maar daar kan aan sy vinnige humeur gewerk word.

#### AANBIEDING

1. *Hierdie hoofstuk bestaan uit twee onderwerpe wat dwarsdeur die jaar, soos die geleentheid hom voordoet, by wyse van gesprekke aandag moet kry.*
2. *In die handel en in biblioteke sal u heelwat boeke oor hierdie onderwerpe vind.*
3. *Dit is belangrik dat u soveel kennis as moontlik van u spanlede se huislike omstandighede moet inwin.*
4. *Die onderwerpe is nie iets wat tydens 'n spanvergadering afgehandel kan word nie. Dit is egter deel van die opvoedingstaak om deur die jaar te verseker dat elke spanlid meer gemotiveerd sal wees en ook 'n beter selfbeeld sal ontwikkel.*
5. *Voltooi die opdragte in die werkboek.*

## EK IN MY OMGEWING

### 1 HANTERING VAN GEREEDSKAP

#### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie te leer hoe om handwerkgereedskap doelmatig en veilig te hanteer.

#### INHOUD

##### Dogters

1. Korrekte hantering en versorging van naaldwerkgereedskap
2. Maak 'n artikel.

##### Seuns

1. Korrekte hantering en versorging van houtwerkgereedskap
2. Maak 'n artikel

---

## DOGTERS

### 1.1 HANTERING EN VERSORGING VAN NAALDWERKGEREEDSKAP.

#### NAALDE

Daar is verskillende soorte naalde. Die materiaal en die soort werk wat daarmee gedoen gaan word, bepaal watter naald gebruik moet word. Die naald moet altyd effens dikker as die garedraad wees, sodat die gare maklik deur die naald se oog kan gaan. Beginners gebruik kort en dikkerige naalde met groterige oë, byvoorbeeld "Chenille-naalde". Dié naalde is by uitstek geskik vir die klein vingertjies van beginners. Tapissierenaalde kom ooreen met "Chenille"-naalde, maar dit het stomp punte en groter oë om beter met wol te kan werk.

Moenie met 'n naald aan harde voorwerpe krap of steke daarmee lostrek nie. 'n Naald kan roes as dit nat word. 'n Naald moet nooit in die mond gesit word nie. Die gevaar bestaan dat dit per ongeluk ingesluk kan word. Wanneer 'n naald val, moet dit onmiddellik opgetel word, omdat 'n mens maklik daarin kan trap.

Naalde moet in die boekie waarin dit gekoop is of aan 'n speldekussing vasgesteek word. Moenie naalde laat rondlê of aan 'n garetol vassteek nie. Bêre garetolle op 'n rakkie met pennetjies of op 'n ander geskikte plek. Moenie gare afknip voordat die eindpunt van die draad in die keep van die tol vasgetrek is nie.

#### KOPSELDE

Lang, dun en skerp staal kopselde moet altyd vir naaldwerk gebruik word en nie die soort wat bedoel is om papiere mee vas te steek nie, omdat dit stomp en dik is en die materiaal beskadig.

Moet nooit kopselde in jou mond sit nie. Kopselde moet droog gehou word. Kopselde wat geval het, kan maklik met 'n magneet opgetel word.

Bêre kopselde in 'n houer met 'n magnetiese deksel of aan 'n speldekussing wat met "silika jel" of menshare opgestop is, om roes te voorkom.

## VINGERHOED

Vingerhoede word van metaal of plastiek gemaak. Die vingerhoed moet styf om die punt van die middelvinger van die "naaldhand" pas, want met hierdie vinger word die naald deur die materiaal gedruk. Die vingerhoed beskerm dus die vingerpunt en help jou om vinniger en met meer krag te werk. Die hele buitekant van die vingerhoed moet duidelike klein duikies in hê wat diep genoeg is sodat die agterpunt van die naald nie kan rondgly wanneer die naald deurgedruk word nie.

Bêre dit in 'n veilige laaitjie saam met jou skêr en maatband of in jou naaldwerksakkie. Moet dit nooit laat rondlê nie.

## SKÊR ✂ ✂

'n Skêr vir naaldwerk moet van roesvrye staal gemaak en baie skerp wees. Die handvatsels van 'n uitknipskêr het 'n ronde opening vir die duim en 'n ovaal opening vir die ander vingers, sodat genoeg krag daarop uitgeoefen kan word wanneer uitknipwerk gedoen word. 'n Mens kry ook 'n soort uitknipskêr waarvan die handvatsels na bo gebuig is, terwyl die lemme horisontaal bly as dit op die tafel geplaas word om materiaal makliker te kan sny. 'n Kleiner skêr met reguit handvatsels en slegs twee openings vir die duim en voorvinger, is makliker om te hanteer vir kleiner werkies, soos byvoorbeeld gare afknip.

Hanteer 'n skêr versigtig en sorg dat jou vingers nie in die pad van die lemme kom nie. 'n Skêr word vir iemand aangegee met die lemme toe terwyl aan die punt van die lemme vasgehou word.

Probeer voorkom dat die lemme van 'n skêr op een of ander wyse gebuig word (byvoorbeeld wanneer dit val). Knip slegs sagte materiaal met 'n uitknipskêr. Gebruik 'n ander ou skêr om papier, karton, lyn, blomme of plastiek mee te knip. Moenie dat 'n skêr nat word nie. As dit miskien taai is, moet dit met 'n oplosmiddel en met fyn staalwol blink gevryf word. Laat 'n kundige 'n skêr slyp wanneer dit stomp geword het. Moenie spelde raak knip nie, want dit kan die lemme beskadig.

Bêre in 'n laai of dosie, waar dit nie kan nat word nie. Moet nooit 'n skêr sommer oral laat rondlê nie.

## MAATBAND

'n Maatband word gebruik om materiaal mee af te meet en mate te neem. Gebruik een wat aan albei kante in sentimeters en millimeters afgemerkt is. Aan albei punte moet daar 'n stukkie metaal met 'n klein gaatjie daarin wees, sodat 'n sirkel maklik afgemerkt kan word.

Maak jou maatband gereeld skoon met 'n klam of 'n seperige lappie en vryf dit droog met 'n skoon doek.

Hou die maatband opgerol en hou dit in die posisie deur 'n rekkie daarom te sit.

## SEUNS

### 1.2 HANTERING EN VERSORGING VAN HOUTWERKGEREEDSKAP.

#### HAMER

Kies die regte hamer vir die regte werk, byvoorbeeld 'n swaar hamer vir 'n swaar werk.

- ♦ Gebruik 'n blokhamer vir houtbeitels en nie 'n metaalhamer nie.
- ♦ Sorg dat die hamersteel stewig in die hamerkop pas en die wiggie nog in die steel by die kop in die hout is.
- ♦ Vervang 'n gekraakte hamersteel.
- ♦ Bêre hamers altyd op hulle plek terug sodra dit nie meer gebruik word nie.
- ♦ Vee die metaalkop met 'n effense olielappie af om roes te voorkom.

**SAAG**

Kies die regte saag vir die tipe werk wat gedoen moet word. Sorg dat die saag altyd skerp is en reg geslyp en geset is vir die spesifieke werk. (Set beteken dat die saagtande teen die regte hoek gebuig is).

- ♦ Hou die hande en vingers ver uit die pad van die saagtande.
- ♦ Hang die saag weer op nadat dit klaar gebruik is.
- ♦ Vee die saag met 'n ligte olielappie af om roes te voorkom.
- ♦ Moet nooit met nat of sweterige hande aan die saaglem vat nie, want dit veroorsaak roesvlekke.
- ♦ Sorg dat die saaghandvatsel stewig vas is.
- ♦ Moenie gereedskap op die saag, of omgekeerd, plaas nie.
- ♦ Sorg dat daar nie spykers, skroewe of ander stukke metaal in die hout is wat gesaag moet word nie.
- ♦ Beskerm die saaglem met 'n stukkie hout of 'n stuk oopgesnyde tuinslang wanneer die saag nie in gebruik is nie.

**BOOR**

Kies die regte boorpunt vir 'n bepaalde werk: hout vir hout, karbied vir sement of steen en hoëspoed staal vir yster.

- ♦ Moenie geroeste boorpunte gebruik nie.
- ♦ Sorg dat al die bewegende dele van die boor lig geolie is.
- ♦ Draai die boorpunte baie styf in die boor vas voordat daar geboor word.
- ♦ Moenie oormatige druk uitoefen op die boor wanneer geboor word nie, want die boorpunt kan breek.

**TANG**

- ♦ Hou die vingers (en velle!) uit die pad van die tang se kake, asook weg van die knippers.
- ♦ 'n Tang is nie 'n hamer nie en moenie daarvoor gebruik word nie.

**SKROEWEDRAAIER**

Moet nooit met 'n skroewedraaier hardloop nie. Kies die regte een vir 'n bepaalde taak: nie te groot of te klein nie en 'n Phillips/sterpunt vir daardie soort skroef of 'n platpunt vir 'n ander soort skroef.

- ♦ Moenie 'n skroewedraaier met 'n hamer kap nie, want die handvatsel kan breek.
- ♦ Bêre 'n skroewedraaier altyd na gebruik, verkieslik in 'n rakkie soortgelyk aan 'n tandeborselrakkie.
- ♦ Moenie skroewe te styf indraai nie, want dit kan afgedraai word.
- ♦ Moet nooit kraggereedskap sonder toesig van 'n volwassene gebruik nie.

### 1.3 MAAK 'N ARTIKEL

Beplan deeglik voordat u die taak aanpak. Die artikel hoef nie tydens net een byeenkoms voltooi te word nie. Dit is egter belangrik dat dit die kind se werk moet wees en nie die ouer of die offisier se werk nie.

Hou die volgende in gedagte

- ♦ Maak iets wat die kinders opgewonde sal maak.
- ♦ Kies iets binne die kind se vermoë.
- ♦ Maak iets bruikbaar.
- ♦ Wees versigtig om net afvalmateriaal te gebruik. Die voltooide stuk moet tog net nie na 'n afvalartikel lyk nie.

As die span die handwerk geniet en daar tyd oor is, kan daar selfs meer as een artikel gemaak word.

#### **Voorbeelde vir dogters:**

Naaldwerk, breiwerk, borduurwerk, materiaalverf, macrame, kralewerk en nog vele meer wat u in enige handwerkboek kan kry. Pas dit net altyd aan by Voortrekkerwerk.

#### **Voorbeelde vir seuns:**

Houtwerk, metaalwerk, draadspelgoed, brandwerk, vlieërs en baie ander wat u in handwerkboeke kan kry. Pas dit net altyd aan by Voortrekkerwerk.

#### *AANBIEDING*

1. *Besluit saam met die span watter artikel gemaak word.*
2. *Hou 'n uitstalling van gereedskap vir handwerk.*
3. *Bespreek die korrekte hantering, versorging en berging van gereedskap asook die veiligheidsmaatreëls wat van toepassing is terwyl daar gewerk word.*
4. *Laat die spanlede die opdrag in die werkboek voltooi.*
5. *Hou 'n uitstalling van die vervaardigde artikels.*
6. *Vir die seuns kan u by die Nasionale Filmoteek die video oor Kraggereedskap en handgereedskap bestel*
7. *Vir die dogters kan u byvoorbeeld 'n demonstrasie van die nuutste naaldwerkmasjiene reël. Betrek ook ouers en grootouers vir borduurdemonstrasies.*
8. *Daar is ook 'n Spesialisasie: Handvaardigheid.*
9. *Lees ook die hoofstuk oor Handwerk in Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.*

## 2 NATUUR EN OMGEWING

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die elementêre beginsels van bewaring aan te leer.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot die waardering en bewaring van eie bodem.

### INHOUD

1. Waarneming.
2. Wild- en natuurbewaring.
3. Gevare van besoedeling.
4. My bewaringsplig as Voortrekker.
5. Herwinning.

---

In die Voortrekkerkode leer ons: *'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing*. Die woord *bewaar* beteken die beskerming en versorging van die wêreld om ons sodat dit nie besoedel of vernietig word nie. 'n Groot aantal diere en plante het reeds uitgesterf as gevolg van die mens se aktiwiteite. Ons moet ons mooi land bewaar vir die nageslag.

### 2.1 WAARNEMING

Om die omgewing te kan bewaar en bewerk, vra kennis van die natuur en vaardigheid om dit toe te pas. Die doel van hierdie projek, is om die kind bewus te maak van God se skepping en hoe alles met 'n spesifieke doel geskape is om bymekaar in te skakel. Elke skepsel het 'n bepaalde "ruimte" (habitat) nodig waarbinne hy beskerming en voedsel kry. Wanneer alle habitate van elke skepsel goed funksioneer, kan ons sê dat daar balans in die natuur is. Wanneer daar egter te veel of te min van 'n bepaalde dier, plant of "steurnis" voorkom, praat ons van 'n wanbalans in die natuur.

Kennis kan opgedoen word deur veldwaarneming. Geskikte terreine vir waarneming is 'n tuin, 'n park, 'n oop ruimte, 'n strand, 'n moeras, 'n dieretuin en selfs 'n dammetjie.

Beplanning van 'n waarnemingsuitstappie sluit die volgende in:

- Bepaal spesifieke doelwitte
- Besluit op 'n terrein en besoek dit vooraf
- Bepaal apparatuur wat nodig mag wees
- Berei werkkaarte met opdragte vir elkeen voor
- Gee duidelike opdragte met doelwitte
- Wees entoesiasies en dra dit aan die kinders oor
- Vir 'n suksesvolle waarneming is geduld, rustigheid en stilte noodsaaklik

Opvolg:

- Verwerk die inligting wat bekom is
- Reageer op die bevindings
- Bepaal die span se taak na aanleiding van die bevindings

## EKOSTELSEL (ELEMENTÊR)

Baie vorms van lewe is op die een of ander manier van mekaar afhanklik. Hierdie onderlinge verhoudings staan as 'n ekologiesestelsel of 'n voedselketting bekend.

'n Eenvoudige ekologiesestelsel in die natuur kan soos volg beskryf word.

- ♦ Die **grond** “produseer” verskillende **grassoorte**.
- ♦ Grassoorte word deur **hoefdiere** soos blouwildebeeste, waterbokke, koedoes en springbokke gevreet.
- ♦ Hierdie en ander hoefdiere word deur **roofdiere** soos leus en luiperds vang en gevreet.
- ♦ Die **aas** wat oorbly, behalwe die grootste bene, word deur hiënas, jakkalse en aasvoëls gevreet.
- ♦ Verrottende karkasse en bene en ook die uitwerpsels van roofdiere, aasvreters en ander diere bring **plantvoedsel** terug in die **grond** en so word die kringloop herhaal.

Ekologie is die bestudering van alle lewende organismes en hulle verhouding tot mekaar. Mense is net soos plante en diere ook van die omgewing afhanklik. Ekologie maak ons bewus van die belang van ons natuurlike hulpbronne soos die lug, grond, water en minerale. Ons moet verstaan hoe die natuur funksioneer sodat ons die vernietiging daarvan kan voorkom.

Nadat die kind die klein area waargeneem het,  
kan u nou die bewaringsgebiede in ons land behandel  
om die kind bewus te maak wat reeds op Nasionale vlak gedoen word.

## 2.2 WILD- EN NATUURBEWARING

Natuurbeewaring is die verstandige gebruik, intelligente ontwikkeling en doeltreffende beheer van die natuur se hernubare hulpbronne tot voordeel van die mens. Ons moet hierdie hulpbronne so gebruik dat dit nie tot niet gaan nie. Die doel van natuurbeewaring is om te verseker dat ons ryk erfenis van flora en fauna nie verlore gaan as gevolg van die vooruitgang van die beskawing nie. Daar is verskillende maniere waarop die wilde diere en inheemse plantegroei van Suid-Afrika beskerm en bewaar kan word, soos byvoorbeeld wildtuine (nasionale parke, natuurreservate of privaat wildtuine) en dieretuine.

### NASIONALE PARKE EN NATUURRESERVATE

Nasionale parke word deur die Nasionale Parkeraad beheer. In 'n Nasionale park of natuurreservaat word die diere en plante beskerm. Dit beteken die diere mag nie gejag word of die plante uitgehaal word nie. Besoekers word daar toegelaat en hulle moet sekere reëls gehoorsaam.

Daar is heelwat Nasionale parke in ons land. Dit is nie moontlik om almal op te noem nie en daar word slegs na enkeles verwys.

Nasionale Krugerwildtuin	Blyderivierpoort Natuurreservaat	Namib-Naukluft Nasionale Park
Kgalagadi Transgrenspark	Hans Merensky Natuurreservaat	Sossusvlei
Bontebok Nasionale Park	Roodeplaatdam Natuurreservaat	Waterberg
Tsitsikama Nasionale Park	Sandveld Natuurreservaat	Visrivier Canyon Park
Zuurberg Nasionale Park	Soetdoring Natuurreservaat	Damaraland
Weskus Nasionale Park	Kalkfontein dam Natuurreservaat	Kaokoveld
Golden Gate Hoogland Nas. Park	Koningin Elizabeth Park	Etosha Natuur reservaat
Bergkwagga Nasionale Park	Umfoloziwildtuin	Boesmanland
Addo Olifant Nasionale Park	Mkuziwildtuin	Caprivi Wildpark
Augrabies Nasionale Park	St Lucia Natuurreservaat	Skedelkus Park



## DIERETUINE

Dieretuine bewaar en beskerm inheemse diersoorte, maar daar word ook diere uit ander wêrelddele bewaar. Dieretuine gee mense, wat nie 'n wildtuin kan besoek nie, die geleentheid om na die diere te gaan kyk. In nasionale parke en natuureservate word die diere in hulle natuurlike habitat gesien, terwyl dit nie in 'n dieretuin moontlik is nie.

Feitlik elke stad in ons land het een of meer van die volgende: 'n dieretuin, akwarium, slangpark, krokodilplaas of voëlreservaat. In Pretoria is daar die Nasionale Dieretuin wat 'n akwarium en reptielpark insluit; in Johannesburg 'n dieretuin en die Melrose Voëlreservaat; in Durban is die Mitchell Parkvoëlhuis en 'n akwarium; in Bloemfontein 'n dieretuin; in Oos-Londen ook 'n dieretuin en in Port Elizabeth 'n oseanarium.

## BOTANIESE TUINE

In botaniese tuine word inheemse plantegroei van 'n bepaalde gebied beskerm en niemand mag blomme pluk en plante versamel, afkap, ontwortel, beskadig of vernietig nie. Besoekers kan in botaniese tuine ry of stap, maar moet ook die reëls gehoorsaam.

Elke gebied in ons land het een of meer botaniese tuine en ons noem 'n paar van hulle: Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin (Kaapstad); Karoo Nasionale Botaniese Tuin (naby Matjiesfontein); Harold Porter Nasionale Botaniese Tuin (Bettiesbaai); Vrystaatse Nasionale Botaniese Tuin (Bloemfontein); Natal Nasionale Botaniese Tuin (Pietermaritzburg); Laeveld Nasionale Botaniese Tuin (Nelspruit); en die Pretoria Nasionale Botaniese Tuin. Namakwaland vorm 'n natuurlike botaniese tuin in die blomtyd en is reeds tot 'n Nasionale Park verklaar.

### 2.3 GEVARE VAN BESOEDELING

Dit gebeur soms dat *natuurlike besoedeling* voorkom. Stofstorms, vloede, vulkaniese uitbarstings en veldbrande kan groot skade aanrig, maar niemand het beheer daarvoor nie. 'n Ernstiger probleem is besoedeling wat deur mense veroorsaak word as gevolg van onkunde, onverskilligheid en hebsug.

#### Waar kom besoedeling vandaan?

Fabrieke, kragstasies, skoorstene, pad- en lugverkeer, spoorweë, hawens en myne stel almal *skadelike rook en gasse* in die atmosfeer vry. In dorpe en stede word groot hoeveelhede *vullis* geproduseer en die *afvloei* van sekere fabrieke bevat dikwels gifstowwe wat veral water besoedel. Die diere en plante in die water kan dan vrek en siektes by die mens veroorsaak. Middels vir *pesbestryding* wat deur boere gebruik word, kan die omgewing besoedel. Hierdie middels maak ook onskadelike plante en diere dood.

Groot hoeveelhede *plastiek* en *polistireen* word jaarliks geproduseer. Hierdie produkte is nie verganklik nie. Voëls en ander diere vrek dikwels nadat hulle in plastiekafval verstrengel geraak het. Sommige voëls dink dat die wit polistireenballetjies voedsel is. Wanneer *petroleum, olie en steenkool* verbrand word, word swawel-dioksied vrygestel wat met die vog in die lug verbind om swawelsuur te vorm. Hierdie suur val terug op die aarde en staan as *suurreën* bekend. Dit is skadelik vir die grond en plante en kan ook asemhalingsprobleme by mense en diere veroorsaak.

Ander stowwe in die lug beskadig die *osoonlaag* wat die aarde teen die dodelike ultravioletstrale van die son beskerm. Die afval van *kernkragstasies* bly vir duisende jare radio-aktief (en dodelik) en moet dus goed beheer word. Dit word gewoonlik diep onder die aarde begrawe.

## 2.4 MY BEWARINGSPLIG AS VOORTREKKER

Die mens is verantwoordelik om binne sy vermoë 'n balans in die ekosistelsel te probeer handhaaf deur bewaringsbewus te wees en alle vorme van besoedeling, erosie en skade aan die natuur te voorkom. Ons is immers van die natuur afhanklik vir ons voortbestaan, deur die lug wat ons inasem, voedsel wat ons eet, water wat ons drink en grondstowwe vir die bou van huise, maak van klere en meubels en alle ander voorwerpe wat ons vir ons daaglikse bestaan nodig het.

As Voortrekkers is ons verplig om die voortbestaan van diere, voëls, insekte en plante in ons land vir ons eie en ook ons nageslag te beskerm. Om dit te kan doen, moet ons in die eerste plek weet waarvan ons praat, anders gaan niemand na ons luister nie. Tweedens moet ons self 'n goeie voorbeeld stel (sien: *Gedragkode vir die Veld* en *Vuurmaak in die veld* in die werkboek) wat deur ander nagevolg kan word. Bogenoemde kan alles herlei word na die Bybel en as 'n Bybelse opdrag van God gesien word. Vergelyk Gen. 1 vers 28-29; Gen. 2 vers 8-9, en Psalm 8.

## 2.5 HERWINNING

Herwinning beteken dat iets wat nutteloos of onbruikbaar is of verlore gegaan het, weer nuttig gemaak word. Dink maar aan al die massas afvalprodukte wat by huise in asblikke of op stortterreine beland. Dit kan uiteindelik katastrofies wees. Baie van hierdie afval is herverbruikbaar of herwinbaar, veral glasbottels, aluminium, tin of ander blikkies, eierkartonne, papier, koerante, tydskrifte, ensovoorts.

Baie van hierdie produkte kan teen 'n redelike koste weer in die oorspronklike produk omskep word en so kan miljoene rande gespaar word.

Kom ons wend almal 'n daadwerklike poging aan om ons deel by te dra tot die herwinning van bogenoemde produkte en help terselfdertyd om omgewingsbesoedeling te verminder en om die omgewing vir die nageslag te bewaar.

### AANBIEDING

*Bied hierdie lesing liefs in die veld aan sodat reg aan die onderwerp kan geskied.*

- 1. Die bewaringsboodskap sal slegs waarde hê, as u die span in 'n tuin, 'n park of in die veld 'n bepaalde area laat waarneem. Besoek vooraf die terrein waar u die waarneming wil laat doen sodat u spesifieke opdragte aan die span kan gee. Gee u opdragte so dat die kind "verplig" is om 'n ekosistelsel binne die betrokke area te beleef.*
- 2. Laat die spanlede opdrag 2 (waterstudie) in die werkboek by 'n dam voltooi. Hou 'n groepsbespreking oor die inligting wat verskaf is.*
- 3. Reël 'n stad- of dorpsafari (kyk opdrag 3 in die werkboek).*
- 4. Laat die span met behulp van prente/sketse 'n ekosistelsel "bou".*
- 5. Laat die spanlede die ander opdragte in die werkboek voltooi.*
- 6. Die Nasionale Filмотеек beskik oor baie video's wat oor Natuurlewe, ekologie en omgewingsbewaring handel. U naaste skoolbiblioteek kan u hierin help.*
- 7. Identifiseer 'n gebied waar die span fisies aan 'n bewaringsprojek kan deelneem.*

### 3 LEWENSREDDING

#### DOEL

1. Om die waarde van menselebens by die Penkop en Drawwertjie tuis te bring.
2. Om die Penkop en Drawwertjie 'n elementêre kennis te laat opdoen oor hoe om in die onderstaande omstandighede op te tree.

#### INHOUD

1. Inleiding
  2. Verdrinking
  3. Versmoring
  4. Ontruiming in geval van 'n brand
  5. Elektriese skok
  6. Slangbyt
  7. Sonsteek
- 

#### 3.1 INLEIDING

'n Mens het voldoende suurstof nodig vir die opbou van die liggaamsweefsels. 'n Gebrek daaraan kan sy lewe in gevaar stel. Dit kan gebeur wanneer daar nie genoeg suurstof aanwesig is in die lug wat ingesem word nie of enige versteuring van of besering aan die asemhalingstelsel. Belangrike sensusels in die brein kan na slegs vier minute sonder suurstof, doodgaan.

##### **Die toestande wat die lugweg en longe raak, sluit in:**

- ♦ Verdrinking (vloeistof in die lugkanale)
- ♦ Versmoring
- ♦ Besering van die longe, die borskas

##### **Die toestande wat die brein of senuwees wat die asemhaling beheer, kan beseer, sluit onder andere in:**

- ♦ Elektriese beserings
- ♦ Vergiftiging
- ♦ Verlamming (deur bv. beroerte).

#### 3.2 VERDRINKING

Indien iemand in die moeilikheid beland in water of as 'n klein kindjie wat nog nie kan swem nie, in 'n dam of swembad val, moet daar vinnig opgetree en soos volg te werk gegaan word.

##### **Behandeling**

- ♦ Haal die persoon so vinnig moontlik uit die water uit sonder om die redder se eie lewe in gevaar te stel.
- ♦ Trek rubber handskoene aan of trek 'n plastieksak oor jou hande.
- ♦ Stuur onmiddellike iemand om hulp te gaan ontbied en sorg dat die noodhulpboodskap duidelik oorgedra word. Indien daar niemand is om te stuur nie, roep so hard as moontlik om hulp.

- ♦ Laat die pasiënt op sy sy lê en draai die kop sodat die water uit die mond en keel kan loop. Verwyder enige versperrings soos seewier, modder of gras uit die pasiënt se mond. Begin onmiddellik met kunsmatige asemhaling as hy nie asemhaal nie.
- ♦ Trek die kop ver agteroor. Kyk dat die lugweë oop is en die tong nie terugval nie.
- ♦ Druk die pasiënt se neus styf toe en blaas in sy mond in. Doen dit 20 tot 30 keer per minuut. By 'n klein kindjie kan die asem deur die mond en neus geblaas word.
- ♦ Hou hiermee aan totdat hulp opdaag, of totdat die pasiënt normaal asemhaal.
- ♦ Maak die pasiënt met 'n kombers of 'n warm jas toe.

### 3.3 VERSMORING

Versmoring kom voor wanneer uitwendige obstruksies soos 'n plastieksak, sagte kussing of sandstortings verhoed dat lug die kanale bereik. Dit kom dus voor wanneer al die beskikbare suurstof in 'n ingeslote ruimte opgebruik is, soos wanneer iemand per ongeluk in 'n ou koelkas toegemaak word.

#### Waarskuwings

- ♦ 'n Baba kan versmoor as hy met sy gesig na onder op 'n kussing lê.
- ♦ Moenie wegkruipertjie in 'n ou koelkas speel nie.
- ♦ Bly weg van los sandwalle of uitgrawings, want 'n mens kan versmoor as die sand hom toeval.
- ♦ Moet onder geen omstandighede 'n plastieksak oor iemand se kop trek nie, want dit kan hom laat versmoor.

#### Behandeling

- ♦ Verwyder onmiddellik enige versperrings uit die persoon se lugweg.
- ♦ As die pasiënt by sy bewussyn is en normaal asemhaal, stel hom gerus en hou hom dop vir enige verandering in sy toestand.
- ♦ Indien die pasiënt bewusteloos is, maar normaal asemhaal, draai hom op sy sy, in die herstelposisie.
- ♦ Indien die persoon nie asemhaal nie, pas kunsmatige asemhaling toe.
- ♦ Kry onmiddellik mediese hulp.

### 3.4 ONTRUIMING IN GEVAL VAN 'N BRAND

Hierdie aspek is deel van die Brandweer spesialisasie en word daar volledig behandel. Dit kan dus voordelig wees om die spanlede hierdie spesialisasie te laat doen. Vinnige en helder denke is uiters noodsaaklik wanneer 'n mens met vuur te doen het.

'n Brand versprei baie vinnig. Ontbied onmiddellik die brandweer en verstrek soveel inligting moontlik. Probeer om almal uit die gebou te kry en sorg dat alle deure en vensters van die vertrekke waar dit brand, toe is. Moenie self 'n groot brand probeer blus nie.

Moderne meubels bevat dikwels sintetiese materiaal wat gifdampe kan afgee wanneer dit brand. 'n Mens moet verkieslik nie 'n brandende gebou binnegaan nie.

Indien iemand in 'n brandende gebou vasgevang is, moet hy na 'n vertrek met 'n venster beweeg en die deur toemaak. 'n Kombers of mat moet onder teen die deur geplaas word om die rook uit te hou. Hulp kan deur die venster ontbied word.

#### Algemene wenke by ontruiming en die blus van vlamme

- ♦ Moenie hardloop nie, stap flink en vinnig.
- ♦ Moenie die hysbak gebruik nie.
- ♦ Skakel die krag af voordat 'n mens die vuur probeer blus.

- ♦ Tree kalm en doelgerig op en gehoorsaam instruksies.
- ♦ Gee 'n duidelike boodskap wanneer alarm gemaak of geskakel word.
- ♦ Bly weg van vensters en brekende glas.
- ♦ Moenie na boontoe beweeg nie want rook en vlamme beweeg opwaarts.
- ♦ Beweeg gebukkend of kruip teen die muur langs indien die ontsnappingsroete met rook gevul is of wanneer daar die moontlikheid van 'n ontploffing is. Kruip oor die vloer waar daar 'n laag skoon lug behoort te wees.
- ♦ Wanneer 'n groep deur 'n rookge vulde vertrek kruip, hou met die linkerhand aan 'n maat se gordel vas om nie af te dwaal nie.
- ♦ 'n Nat sakdoek, handdoek, serp of stuk materiaal oor die mond en neus sal die indringing van rookdeeltjies in die asemhalingskanaal verminder.
- ♦ Voel die temperatuur van 'n toe deur met die agterkant van die hand en toets die temperatuur van die lug wat onder die deur uitkom. Moenie die vertrek binnegaan as die deur warm is nie.
- ♦ Rig die blusser of waterstroom op die basis van die vuur.
- ♦ Sand blus vlamme gou en deeglik.

### **Optrede wanneer iemand se klere aan die brand raak**

- ♦ Beveel hom om dadelik stil te staan.
- ♦ Gryp die naaste kombers, jas of seil, gaan versigtig nader en vou dit om die persoon.
- ♦ Laat die pasiënt lê en smoor die vlamme met die kombers.
- ♦ Roep dadelik 'n volwassene.
- ♦ Moenie nylon of ander vlambare materiaal gebruik om die vlamme te smoor nie.
- ♦ Indien 'n persoon se klere aan die brand raak, kan hy die vlamme blus deur homself styf in 'n baadjie/kombers/mat/sak toe te rol.

## **3.5 ELEKTRIESE SKOK**

'n Elektriese stroom deur die liggaam kan 'n mens ernstig beseer en soms dodelik wees.

Die stroom kan van 'n lae- of hoëspanningstoevoer of weerlig afkomstig wees. Die stroom kan 'n trilling van die hartspier veroorsaak of dit kan die hart heeltemal laat stilstaan, wat dan ook die asemhaling laat ophou. Ernstige brandwonde kan ontstaan as die liggaam aan iets raak.

Hoe hoër die spanning is wat deur die liggaam gaan, hoe ernstiger is die brandwonde.

Wat ookal die oorsaak van die elektriese besering is, moet 'n mens nooit met kaal hande aan die pasiënt raak voordat hy seker is dat hyself nie in gevaar is of die pasiënt nie meer met die bron in aanraking is nie.

### **Oorsake**

- ♦ Baie beserings is die gevolg van defektiewe skakelaars, uitgerafelde kables of defekte in toestelle. Dit is gevaarlik vir jong kinders om met skakelaars, drade en proppe te speel.
- ♦ Water is 'n uitstekende geleier van elektrisiteit. 'n Mens moet dus nooit 'n andersins veilige toestel met nat hande hanteer wanneer dit op 'n nat vloer staan nie.
- ♦ Weerlig is 'n natuurlike bron van elektrisiteit. Dit maak kontak met die grond deur die naaste hoë punt in die omgewing.

### **Verbreking van 'n laespanningstroom**

- ♦ Verbreek die kontak deur die stroom by die hoofskakelaar af te skakel.

- ◆ Indien die stroom op hierdie wyse nie verbreek kan word nie, staan op 'n hoë stuk isoleermateriaal, soos 'n houtkis, rubbermat of koerant en stoot met behulp van 'n stok of houtstoel die pasiënt se ledemate weg van die bron af.

**Belangrik:** Moenie iets wat metaalagtig of klam is gebruik nie en moenie jou hande met die pasiënt se vleis in aanraking laat kom nie. Indien niks anders beskikbaar is nie, sleep die pasiënt aan sy los, droë klere weg van die gevaar af.

### Beserings deur 'n hoëspanningstroom

Kontak met hoëspanningstrome wat in kraglyne en oorhoofse kragdrade voorkom, is gewoonlik noodlottig. Ernstige brandwonde ontstaan en die skielike spierspasma wat deur die elektrisiteit veroorsaak word, kan die pasiënt van die kontakpunt af wegslinger.

Indien 'n pasiënt kontak met 'n hoëspanningstroom behou, of nog binne 18 m daarvan is, moet jy nooit probeer om hom te red of selfs naby hom te kom voordat die krag afgeskakel is nie. Die stroom kan 'n boog vorm en oor aansienlike afstande spring.

Isoleermateriaal soos droë hout of klere sal geen beskerming verleen nie.

Ontbied onmiddellik die nooddienste en polisie. Hou omstanders weg van die pasiënt en pas slegs eerste hulp toe wanneer 'n mens amptelik verwittig is dat daar geen verdere gevaar is nie.


### Behandeling

- ◆ Indien asemhaling en hartklop opgehou het, begin onmiddellik met mond-tot-mond asemhaling.
- ◆ Indien die pasiënt bewusteloos is, maar normaal asemhaal, plaas hom in die herstelposisie en bedek hom met 'n kombes.



Herstelposisie

Skokbehandeling



- ◆ Koel oppervlakkige brandwonde met water af.
- ◆ Neem die pasiënt na 'n hospitaal in alle gevalle waar hy kunsmatige asemhaling ontvang het, bewusteloos was, brandwonde opgedoen het of enige van die simptome en tekens van skok getoon het.

### 3.6 SLANGBYT

Daar is ongeveer 120 slangspesies in Suid-Afrika. Slegs 30% daarvan is giftig en nog minder doen mense kwaad. Seeslange wat langs die kus aangetref word, byt selde 'n mens. Die meeste slange is nie aggressief nie, maar sal byt indien hulle bedreig of hardhandig behandel word. Baie slagoffers is mense wat professioneel met slange werk.

### Die identifisering van 'n slang

Moet nooit 'n slang ondersoek tensy heeltemal seker gemaak is dat hy dood is nie, omdat die kobra en die rinkhals realisties kan voorgee dat hulle dood is. Hoewel dit belangrik is om die dooie slang na die hospitaal te neem om die dokter te help om die regte behandeling toe te pas, mag daar in die soektog na die slang moontlik 'n tweede slagoffer wees. Moet nooit aan die slang se tande raak nie. Dit is immers skerp en giftig.

### Klassifikasie van slange (volgens die uitwerking van hul gif)

#### Dié wat die senustelsel aantast

Die gif van kobras, mambas en rinkhalse is uiters gevaarlik omdat dit vinnig opgeneem word en die volgende tot gevolg kan hê:

- ✧ onduidelike spraak (sleeptong);
- ✧ spierswakheid, soos ooglede wat hang;
- ✧ moeite om te sluk, wat veroorsaak dat speeksel uit die pasiënt se mond loop;
- ✧ swaar asemhaling.

#### Dié wat plaaslike weefsel beskadig

Die gif van die adder veroorsaak ernstige skade aan die weefsel by die bytplek met gevolglike skok weens verlies van vloeistof uit die beskadigde weefsel. Die vel en omliggende spiere gaan dikwels dood en dit lei tot groot wonde.

#### Dié wat bloedstolling affekteer

Die boomslang en voëlslang se gif affekteer bloedstolling en kan spontane bloeding tot gevolg hê. Bloederige vog sal by die bytplek uitloop.

### Behandeling

- ✧ Stel die pasiënt op sy gemak en hou hom rustig aangesien enige beweging die opname van die gif in sy liggaam verhaas.
- ✧ Plaas 'n stewige kussinkie op die wond en draai vas met 'n drukverband.
- ✧ Verbind die aangetaste ledemaat stewig met 'n breë rolverband. Begin aan die onderpunt van die ledemaat (die tone of vingers moet oopbly) en verbind die ledemaat tot so hoog as moontlik sonder om die bloedsirkulasie te belemmer. Verhoed dat sirkulasie geheel en al belemmer word. Dit kan vasgestel word deur die pols onderkant die bytplek te voel. Spalk die ledemaat.
- ✧ Vervoer die pasiënt op 'n draagbaar en hou voortdurend sy asemhaling dop. Lugwegobstruksie kan voorkom weens speeksel of wanneer die pasiënt se kop nie reg geplaas is nie, veral by bewustelose pasiënte.
- ✧ Kobras en rinkhalse kan gif tot sover as 7 m spoeg en indien dit in die pasiënt se oog beland, sal dit kwaai pyn, swelsel en tydelike blindheid veroorsaak. Vee die oortollige gif af en was die oog van binne na buite met baie water uit. Groot hoeveelhede gif word nie deur die oog geabsorbeer nie en sistemiese simptome ontwikkel selde.

### 3.7 SONSTEEK

Sontek word veroorsaak deur 'n baie hoë omgewingstemperatuur of 'n koorssiekte soos malaria wat tot 'n aansienlike verhoogde liggaamstemperatuur lei. Dit ontstaan wanneer die liggaam nie meer sy temperatuur deur sweet kan beheer nie en kan skielik gebeur. Dit kan by mense van enige ouderdom voorkom wat te lank aan hitte en hoë humiditeit blootgestel is of nie daaraan gewoond is nie; of indien 'n persoon te lank in 'n warm atmosfeer bly. So 'n persoon het altyd mediese aandag nodig.

#### Simptome

- ✧ Pasiënt kla van hoofpyn, duiseligheid en dat hy warm voel.

- ✧ Pasiënt word rusteloos.
- ✧ Bewusteloosheid kan vinnig ontwikkel en uiters diep word.
- ✧ Pasiënt sal warm wees, met 'n koors van 40°C of meer en sal blosend lyk, hoewel die vel droog bly.
- ✧ Die pols is vol en borsend, die asemhaling kan raserig wees.

### Behandeling

- ✧ Verlaag die pasiënt se koors so gou moontlik.
- ✧ Verskuif die pasiënt na 'n koel omgewing en maak sy klere los.
- ✧ Indien die pasiënt by sy bewussyn is, plaas hom in 'n halfsittende posisie. Ondersteun sy kop en skouers. Gee hom koue water om te drink.
- ✧ As die pasiënt erg sweet en krampe kry kan hy “Game” kry om te drink. As die pasiënt bewusteloos is, maar normaal asemhaal, plaas hom in die herstelposisie.
- ✧ Draai die pasiënt in 'n koue, nat laken toe en hou dit nat. Waai die pasiënt koud met 'n tydskrif, boek of elektriese waaier totdat sy temperatuur tot 38° C gedaal het.
- ✧ Kry onmiddellik mediese hulp.
- ✧ As die pasiënt se koors daal, bedek hom met 'n droë laken en verwyder hom na 'n lugverkoelde vertrek indien moontlik.
- ✧ As die pasiënt se temperatuur weer styg, herhaal die stappe hierbo.

Bron: Gevorderde Noodhulp Handleiding van die S.A. Noodhulpliga.

### AANBIEDING

#### 1. Praktiese waarneming en inoefening van optrede tydens noodsituasies.

Wenke vir die offisier

- Laat 'n kenner die noodsituasie (wat deur rolspel voorgestel word) hanteer.
  - Doen minstens vier van die onderwerpe wat beskryf is, prakties.
  - Doen oorblywende situasies en skep 'n noodsituasie waar die spanlede hul kennis kan toepas.
  - Gee aan elkeen van die spanlede 'n kaartjie waarop 'n noodsituasie aangedui word. Die spanlid moet kortliks aan sy maats verduidelik hoe hy in so 'n situasie sal optree.
  - 'n Paar spanlede of die hele span, as daar meer spanne is, lê byvoorbeeld op die vloer aan die een kant van die vertrek. Die res van die spanlede word in pare verdeel. Aan die spanlede wat op die vloer lê, word 'n kaartjie gegee waarop die aard van hul simptome aangedui is, byvoorbeeld slangbyt, elektriese skok. Op 'n gegewe teken hardloop elke paar na 'n pasiënt en probeer vasstel wat verkeerd is. Sodra die regte diagnose gegee is, gee die pasiënt 'n kreun. Die gepaste behandeling word dan toegepas. Die eerste paar wat die offisier bereik en ook die regte behandeling toegepas het, is die wenners. (Die pasiënt moet ook saam terughardloop.)
  - Moedig die span aan om in graad ses die Redding Spesialisasie te doen..
2. Laat die kinders die vrae in die werkboek beantwoord. Sorg dat u vooraf die betrokke telefoonnummers opsoek.
  3. Daar bestaan oulike video's oor noodhulp. Bestel by die Nasionale Filmoteek, Privaatsak X239, Pretoria, 0001.
  4. Maak seker dat u oor die heel nuutste inligting i.v.m die toepassing van noodhulp beskik voordat u dit aan die spanlede oordra.



## 4 KAMPERING

### DOEL

Om aan die Penkop en Drawwertjie kennis oor te dra oor veilige kampering en hoe dit gebruik kan word om 'n positiewe gesindheid te kweek.

### INHOUD

8. Opslaan en inrig van 'n tent
9. Gasstofie en gaslamp
10. Flitslig
11. Gemeenskaplike geriewe
12. Kampdisipline
13. Kampvuur
14. Kampvuurseremonies
15. Kampvuurkonsert

---

### 4.1 OPSLAAN EN INRIG VAN 'N TENT

Die spanlede hoef nie alleen 'n tent op te slaan nie, maar moet help om dit staan te maak. Tydens die opslaan-sessie moet die stappe aan hulle verduidelik word sodat hulle vroeg reeds die korrekte wyse aanleer. Dit geld veral vir die inrig van die tent.

Penkoppe en Drawwertjies kampeer meestal net vir 'n paar dae en moet daarom nie kosbare tyd gebruik om baie kampgeriewe te maak nie. Die doel van die kampgeriewe is om die lewe geriefliker te maak en nie om die beperkte ruimte in beslag te neem nie. Indien kampgeriewe wel gemaak word, doen dit sodra die tent betrek word. Die noodsaaklikste kampgerief is 'n kapstok in die tent waaraan Voortrekkerdrag netjies opehang kan word. Bring liever die latte of stokke van die huis af saam sodat geen plantegroei beskadig word nie.

### 4.2 GASSTOFIE EN GASLAMP

Omdat gasapparaat al hoe meer gebruik word, moet die spanlede geleer word hoe om die stofie en die lamp korrek te gebruik, byvoorbeeld:

- ♦ Trek eers die vuurhoutjie voordat die gas oopgedraai word.
- ♦ Roep dadelik 'n volwassene as gas geruik word.
- ♦ Plaas die gaslamp saans buite die tent.
- ♦ Moenie geroeste gasbottels gebruik nie.

Leer die spanlede ook hoe om die kookplaat stewig op te draai en hoe om die gaslamp se sakkie te vervang. Gasleweransiers kan help met veiligheidswenke en die hantering van gasapparaat en u kan hulle gerus nader.

### 4.3 FLITSLIG

'n Flitslig word baie maklik as 'n speelding gebruik. Leer die spanlede dus vroegtydig dat dit 'n noodlig is en daarom moet die batterye gespaar word. Ontmoedig die gebruik van flitse op terreine waar daar voldoende lig is. Leer die spanlede hoe om die batterye en die gloeilamp te vervang. Lê veral klem op die gebruik van Afrikaanse terme.

#### 4.4 GEMEENSKAPLIKE GERIEWE

Gemeenskaplike geriewe is dié wat almal gebruik, maar nie almal is bereid om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar nie. Daarom moet tyd afgestaan word om die spanlede daarop te wys hoe hulle ander moet respekteer asook hoe om geriewe en toerusting wat hulle saam gebruik, te hanteer.

Respek vir ander se eiendom kan ook nie oorbeklemtoon word nie.

Dink veral aan die volgende:

- ♦ die was- en badkamers
- ♦ die toilette
- ♦ slaapvertreke of tente
- ♦ opwasbakke
- ♦ die grondseil en die lig
- ♦ ander se eiendom soos tasse, slaapsak, bordesak.

#### 4.5 KAMPDISSCIPLINE

##### Inspeksie

Inspeksie op kampe moet nie as straf gesien word nie. As dit reg toegepas word, is dit van baie goeie opvoedkundige waarde, want daardeur leer die spanlede verantwoordelikheid, samewerking, dissipline en netheid aan.

Netheid in die tent verseker dat niks wegraak of breek nie en dat almal altyd betyds is waar hulle moet wees.

Maak seker wat die inspeksievoorskrifte vir die kommando/streek/oord/gebied is en leer dit vir u span aan. Oefen met die span hoe daar tydens inspeksie opgetree moet word.

##### Tentleier

Om 'n tentleier te wees, bied 'n geleentheid om 'n spanlid se leierskap te ontwikkel. Die tentleier word deur die span aangewys. Die span of die offisier kan 'n lysie van die tentleier se pligte saamstel, soos byvoorbeeld:

- ♦ Dra boodskappe aan tentmaats oor
- ♦ Tree op as middelman tussen offisier en span
- ♦ Sorg dat opdragte uitgevoer word
- ♦ Sorg dat die program gevolg word
- ♦ Handhaaf orde in die tent.

##### Kampreëls

Die spanlede moet voor die kamp of reg aan die begin van die kamp ingelig word oor die kampreëls en wat van hulle verwag word. Bespreek die rede vir elke reël, want dit bevorder samewerking. Verkry die kampreëls van die kommandoleier en behandel dit met die span. Die spanlede moet beseftig dat die reëls gemaak word sodat almal veilig en lekker kan kamp.

#### 4.6 KAMPVUUR

Die ware betekenis van die Voortrekker-kampvuur lê veel dieper as om slegs 'n groot, knetterende vuur te hê wat die kampterrein verlig. Dit is die plek waar *Die Voortrekkers* na 'n besige dag 'n sonderlinge stemming van gemoedelikheid en samehorigheid smaak en waar gesonde vriendskappe gesmee word.

Die vuur bring 'n besondere stemming en is die simbool van veiligheid, warmte en lig in ons gemoed. Die lig van die vuur verdryf die onsekerheid en vrese van die donker. Baie keer word daar so om 'n kampvuur talente by 'n spanlid ontdek waarvan hy nooit bewus was nie.

## Algemeen

- ♦ Die kampvuur het al 'n spesiale plek op die kampprogramme van alle Voortrekkerkampe. 'n Voortrekkerkamp sonder sy kampvuur saans is iets byna ondenkbaar.
- ♦ Die kampvuur dien as middel om die kampeerders as groep saam te snoer en die aand nuttig en gesellig deur te bring.
- ♦ Die kampvuur verhoed dat ewels ontstaan omdat dit almal konstruktief besig hou en daar nie tyd vir iets anders is nie.
- ♦ By die kampvuur word 'n gesonde gees geskep.
- ♦ By die kampvuur kry almal die geleentheid om spontaan te sing en nuwe liedjies te leer.
- ♦ Om die kampvuur waar die atmosfeer nie styf en formeel is nie, kry elke spanlid geleentheid om sy deel by te dra as een van 'n groep. Dit bied dus 'n uitstekende geleentheid aan elke span om as groep op te tree.
- ♦ Die kampvuur kan ook die vergaderplek wees van 'n span of klein groepie om informeel byeen te kom.

## Vorbereiding

- ♦ By die beplanning en uitleg van 'n kampterrein moet daar deeglik voorsiening gemaak word vir die plek waar die kampvuur gemaak gaan word.
- ♦ Die plek moet nie naby die tente, bome of heinings wees nie en ook nie naby elektriese drade nie.
- ♦ Daar moet genoeg ruimte vir sitplek vir die jeuglede en moontlike gaste wees, asook genoeg ruimte wat as verhoog kan dien vir die opvoer van die items van die kampvuurkonsert.
- ♦ By die indeling van take op die kampprogram moet ook aangedui word watter spanne vir die bymekaarmaak van hout en aanpak van die kampvuur verantwoordelik is.
- ♦ 'n Offisier wat goed kan leiding gee, moet as seremoniemeester aangestel word.
- ♦ 'n Gaslamp of lanterns kan as hulp by die kampvuur dien.
- ♦ Kampvure mag nie oral sonder meer aangesteek word nie. Toestemming vir die aansteek daarvan moet vooraf van die grondeienaar of indien in 'n woonbuurt, van die Plaaslike Owerheid, verkry word.

## Die vuur self

- ♦ Aangesien Voortrekkers graag 'n terrein in dieselfde toestand nalaat as wat hulle dit gevind het, moet die plek waar die kampvuur gemaak gaan word, deeglik beplan word.
- ♦ Op die plek waar die kampvuur gaan wees, moet die boonste laag grond so groot as wat die vuur sal wees, uitgespit word. Die grond moet dan gebruik word om aan die einde van die kamp die vuurmaakplek weer op te vul. Niemand sal dan kan sien dat daar vuurgemaak is nie.

### Die aanpak van die vuur

Daar is verskillende maniere om 'n vuur aan te pak. Indien daar 'n groot kampvuur gepak word, moet sorg gedra word dat as die vuur aangesteek word, dit dadelik sal vlamvat en aaneen bly brand totdat die groot stompe ook goed vlam. Dit kan 'n groot verleentheid wees as daar gesukkel word om die vuur aan die gang te kry. Dis 'n teken van swak vakmanskap om lampolie te gebruik om die vuur behoorlik te laat vlamvat.

Die volgende is moontlike maniere om 'n kampvuur aan te pak:



### Die Ronde vuur (of Jagtersvuur)

Die mees algemene vorm waarin 'n kampvuur aangepak word, is piramied-vormig, ook die jagtersvuur of ronde vuur genoem. Dit word soos volg gedoen:

- ✧ Die hout word skuins gepak teen 'n stewige stomp wat in die grond geplant word. Die vuur moet dig gepak word met genoeg papier, gras en fyn hout onder sodat dit maklik sal brand en bly brand.
- ✧ Die hout wat teen die ingeplante stomp geplaas word, moet regop staan. Dit sal verhoed dat die kampvuur gou inmekaarval.
- ✧ Dit is nie altyd nodig dat 'n kampvuur 'n reuse vuur moet wees nie.
- ✧ Reserwehout moet beskikbaar wees waarmee die vuur later aangevul kan word.

Die groot voordeel van die rondevuur is dat dit baie aanskoulik is en goed lig verskaf. Die nadele daarvan is dat dit gou uitbrand en uitmekaar val.

Die ronde vuur van die kant gesien:




Ronde vuur soos van bo gesien

Los stompe aan die kant help om die vuur in posisie te hou en kan later op die vuur gepak word.

### Die stellasië- of varkhokvuur

Die stellasië of varkhokvuur word soos pale by saagmeulens gepak. Plaas twee groot stompe 'n entjie uitmekaar. Plaas dan daarop takke, stompe of ander hout kruis en dwars in lae. Onder die stellasiëvuur word 'n klein rondevuur bestaande uit los takkies, fynhout, gras of papier aangepak om die vuur te laat vlamvat. Die groot voordeel van die vuur is dat baie minder hout en kleiner stompe gebruik word en dat dit stewig in posisie bly terwyl dit brand. Hierdie vuur is egter nie so aanskoulik as die rondevuur nie.

Let op na die ronde vuur wat binne-in gepak word.



Van bo gesien



Van die kant gesien.

## 4.7 KAMPVUURSEREMONIES

### Aansteekseremonies

Dit kan gebruik word by die aanvang van 'n fakkelloop, 'n fakkeloptog, die aansteek van die kampvuur en die ontvangs van 'n eregas.

Die seremonie kan meer indrukwekkend gemaak word deur die seremoniële fakkel op die staander te plaas.

'n Kort plegtigheid kan gereël word.

### Hou die volgende ingedagte:

- ◆ 'n Persoon om die fakkel aan te steek.
- ◆ 'n Netjiese, blink fakkel in 'n staander.
- ◆ As 'n staander nie gebruik word nie reël vir fakkeldraers.
- ◆ Beplan 'n ongewone manier om die fakkel aan te steek, byvoorbeeld met
  - ◇ 'n ander klein fakkel
  - ◇ 'n lang vuurhoutjie
  - ◇ 'n stomp hout uit 'n kampvuur
- ◆ Alle bewegings tydens die plegtigheid moet deeglik inge oefen wees sodat alle betrokkenes presies weet wat om te doen.
- ◆ Plaas toeskouers so dat die seremonie vir almal sigbaar is.
- ◆ Fakkeldraer en begeleier kan die "aansteekplek" verlaat deur 'n belyning of erewag, wat deur ander jeuglede gevorm is.
- ◆ Die seremoniële fakkel kan gebruik word by
  - ◇ Inlywings
  - ◇ Medalje oorhandigings
  - ◇ Fakkellope
  - ◇ Massa fakkel optogte
  - ◇ Ontvangs van eregaste
  - ◇ Toekennings geleenthede
- ◆ Tref die nodige voorsorg vir brand. Sien die fakkel goed na voor gebruik.
- ◆ Musiek kan ook 'n rol speel by die plegtigheid.

### 'n Voorbeeld van 'n aansteekseremonie:

Aan weerskante van die staander tree 'n ry Voortrekkers in V-formasie aan, elk met 'n fakkel, sodat die staander in die mik van die V is. Langs die staander staan 'n fakkeldraer. Die offisier wat die fakkel gaan aansteek, vergesel van 'n fakkeldraer met begeleiers, stap dan van die wye kant van die V na die staander en halt 'n kort tree voor die staander. Die aangewese persoon wat die seremoniële fakkel moet aansteek sal reeds 'n brandende fakkel vashou wat agter die skerms aangesteek is. (Dit is raadsaam om nie 'n seremoniële fakkel met 'n vuurhoutjie of aansteker aan te steek nie, maar 'n reeds brandende een te gebruik.) Die fakkeldraer langs die staander steek die houtjie by die lantern op en oorhandig dit aan die aansteekoffisier. Dan neem hy die seremoniële fakkel uit die staander en hou dit sodat die offisier dit kan aansteek. Met 'n paar gepaste woorde steek die offisier dan die fakkel aan die brand, blus die aansteekhoutjie, neem dit van die fakkeldraer en maak 'n omkeer. Om die beurt steek hy dan die fakkels aan van die naaste Voortrekkers in die twee rye van die V. Die Voortrekkers steek dan mekaar se fakkels aan totdat almal se fakkels tot op die verste punt van die V brand.

Die offisier oorhandig die fakkeldraer. Die fakkeldraer maak 'n omkeer, terwyl die ander fakkeldraers in die V na links en regs draai in die rigting van die staander. Terwyl die offisier stil staan, stap die fakkeldraers af, die twee rye ontmoet mekaar voor die offisier en swenk sodat hulle twee-twee langs mekaar afstap. Indien verkies, kan al hierdie bewegings geskied op bevel soos gegee deur die offisier.

#### 4.8 KAMPVUURKONSERT

Dit is 'n ou Voortrekkertradisie om saans rondom 'n kampvuur te sit en mekaar te vermaak. Alhoewel spanlede soms traag is om deel te neem, is dit 'n gulde geleentheid vir die ontwikkeling van hulle selfvertroue en selfbeeld. Kampvuuritems is spontane optredes en nie lang afgerigte toneelstukke nie. Daar moet aksie wees sonder lang gesprekke want in die buitelug kan almal nie goed gehoor word nie. Jy as offisier moet 'n mate van beheer hê oor wat aangebied gaan word. As jy nie weet wat jou span se item is nie, kan jy moontlik baie ongemaklik voel.

##### **Kampvuuritems bied die volgende:**

- ♦ Geleentheid vir die een wat graag wil optree.
- ♦ Geleentheid vir die een met 'n besondere talent.
- ♦ Geleentheid tot prestasie.
- ♦ Geleentheid om die mooi en diep dinge op 'n besondere wyse oor te dra.
- ♦ Dit leer die kinders kreatief dink.
- ♦ Dit leer kinders om iets uit niks te skep.
- ♦ Teverdenheid dat iets bereik is met die minimum moeite.

##### **Die volgende moet egter sterk beklemtoon word:**

- ♦ Daar word nooit met liggaamsgebreke of met persone van ander bevolkingsgroepe gespot nie.
- ♦ Drank en dronkenskap is nie snaaks nie.
- ♦ Lelike en Engelse woorde mag nie gebruik word nie.
- ♦ Gepaste gewyde items moet gekies word.
- ♦ Moenie met offisiere spot nie want dit kan die gesag van die offisier ondermyn.
- ♦ Moenie van ander kinders gekke maak nie.
- ♦ Moenie vir jou eie item lag as jy optree nie.
- ♦ Gaan alles 'n keer of wat na voordat daar opgetree word.
- ♦ Die hele span moet sover moontlik betrek word.
- ♦ Dink kreatief en moenie telkens terugval op ou beproefde items nie.
- ♦ Items asook die sang moet in Afrikaans wees.

#### AANBIEDING

1. *Behandel hierdie hoofstuk met die span net voor 'n spankamp. Die spanlede beskik nie oor die inligting nie en u moet dit baie deeglik aan hulle oordra.*
2. *Laat die span die werkopdragte in die werkboek voltooi.*

## 5 RIGTING EN SKUILINGS

### DOEL

1. Om aan die Penkop en Drawwertjie kennis oor te dra met betrekking tot die praktiese bepaling van rigting.
2. Om aan die Penkop en Drawwetjie kennis oor te dra met betrekking tot optrede as hy in die veld verdwaal het.

### INHOUD

1. Die Kompas.
  2. Die Horlosie.
  3. Die Son.
  4. Die Suiderkruis.
  5. Verdwaal en Skuilings
- 

#### 5.1 DIE KOMPAS

Die kompas is 'n instrument wat op land, see en in die lug gebruik word om rigting te bepaal. 'n Kompas is 'n absolute noodsaaklikheid wanneer daar nie ander bakens bestaan nie, of wanneer die son of sterre nie skyn of sigbaar is nie. In die werkboek van die kinders is 'n skets van 'n eenvoudige kompas.

Die feit dat die kompasnaald altyd na die magnetiese noord wys, is al 'n groot hulp vir navigasie. In Suid-Afrika is die ware noord ongeveer  $20^\circ$  wes van magnetiese noord.

#### 5.2 DIE HORLOSIE


'n Horlosie kan ook gebruik word om noord te bepaal. Dit word op die volgende wyse gedoen:

- ♦ Hou die horlosie in die son, met die twaalf na die son gerig.
- ♦ Plaas 'n stokkie, vertikaal op die twaalf en beweeg die horlosie totdat die skaduwee van die stokkie die twaalf sowel as die ses raak.
- ♦ Plaas nou 'n tweede stokkie horisontaal oor die middelpunt van die horlosie sodat dit halfpad tussen die uurwyser en die twaalf lê. Die horisontale stokkie dui die noord-suid-rigting aan op plekke suid van die Steenbokskeerkring.
- ♦ Noord is dus: Halfpad tussen die twaalf en die uurwyser.

### 5.3 SON


Die metode is minder akkuraat maar kan tog, veral in noodsituasies, handig te pas kom. Verduidelik die illustrasies.

As jy dus reguit na die Noorde kyk, is Suid reg agter jou, Wes is aan jou linkerkant en Oos aan jou regterkant.



### 5.4 SUIDERKRUIS

Die suiderkruis bestaan uit ses sterre, waarvan vier die langwerpige kruis vorm en die ander is die merkers wat bevestig dat jy na die regte "kruis" kyk. Verleng die lang as van die kruis met  $4\frac{1}{2}$  maal sy lengte na die lang punt van die kruis. Verbind nou hierdie punt direk af na die horison om Suid te bepaal (doen dit met jou vinger teen die hemel).





## 5.5 VERDWAAL EN SKUILINGS

Hoe om op te tree wanneer jy in die veld verdwaal.

1. Gaan staan stil, moenie paniekerig raak nie. Gaan sit liever om te kalmeer.
2. Neem die omgewing rondom jou deeglik waar.
3. Soek 'n landmerk soos byvoorbeeld 'n heuwel of rivier wat jy herken om daardeur jou posisie min of meer te kan bepaal.
4. Vind jy egter niks bekends nie, soek of bou 'n skuiling.
5. Soek hout en pak 'n groot vuur aan om aandag te trek.
6. Maak alles bymekaar wat jou kan help om te oorleef. Byvoorbeeld kosvoorraad en warmmaak goed.
7. Bly op een plek, moenie rond dwaal nie. Onthou jy het verdwaal en ander sal jou kom soek. Bly dus in jou skuiling totdat hulp opdaag.
8. Vermy hoogtes en hoë bome as die weerlig slaan, en laagtes en rivierlope as dit reën.

Sien die sketse van skuilings in die kinders se werkboek.

### AANBIEDING

1. *U sal waarskynlik weet met hoeveel detail u die inhoud aan u span kan oordra. Die werk kom ook in skoolleerplanne voor en alle illustrasies kom in die werkboek voor.*
2. *Wys 'n kompas aan die spanlede. Verduidelik die verskillende dele en die werking daarvan. Hulle sal dit geniet om die kompas self te hanteer.*
3. *Metode om rigting met u horlosie te bepaal moet ook prakties demonstreeer word.*
4. *Die doel van die hoofstuk is nie om al die kennis oor te dra nie, maar dit is slegs 'n bewusmaking. Indien daar egter genoeg belangstelling en tyd is, kan meer inligting verstrekkend word.*

## EK AS VOORTREKKER

### 1 DIE VOORTREKKERS – DIE GEBIED

#### DOEL

1. Om die samestelling van die gebied en betrokke rangkentekens aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot die identifisering van die karaktereenskappe van 'n goeie leier asook van 'n goeie volgeling.

#### INHOUD

1. Samestelling van 'n gebied
2. Rangkentekens
3. Gebiedswapen
4. Gesagsaanvaarding
5. Leierskap

---

#### 1.1 SAMESTELLING VAN 'N GEBIED

'n Gebied bestaan uit 'n aantal Oorde. Die gebied word bestuur deur 'n Gebiedsdagbestuur wat saam met die Oordleiers 'n Gebiedsbestuur vorm.

Die Gebiedsleier is die voorsitter van die Gebiedsbestuur en hy vorm saam met die verskillende Adjunkgebiedsleiers die Gebiedsdagbestuur. Die Gebiedsleier word met stembriefies deur 'n "volkstemming" verkies en die Adjunkte word deur die Gebiedsbestuur verkies. Enige offisier in 'n Gebied kan tot die Gebiedsdagbestuur verkies word.

#### 1.2 RANGKENTEKENS

Die Gebiedsleier se rangkentekens is drie silwer wiele, terwyl die Adjunkgebiedsleiers twee silwer wiele dra.

#### AANBIEDING

1. *Hersien kortliks die samestelling van die span, die veldkornetskap, die kommando, die oord en die streek.*
2. *Maak flitskaarte van die range, portefeuljes en name van die Gebiedsdagbestuur.*
3. *Bou 'n skematiese voorstelling of organogram van die Gebiedsbestuur saam met die span. Verduidelik die samestelling daarvan.*

#### 1.3 GEBIEDSWAPEN

Elke gebied het sy eie wapen wat op die Voortrekkerdrag gedra word, naamlik Transvaal, Vrystaat, Kaapland, Natal en Namibië. (Voorsien 'n gekleurde afdruk van u gebied se wapen.)

#### AANBIEDING

*Bespreek die samestelling van jou gebiedswapen.*

## 1.4 GESAGSAANVAARDING

Almal moet leer om gesag te aanvaar. Sommige aanvaar gesag net moeiliker as ander.

Kinders moet van kleins af hulle ouers se gesag aanvaar.

Op skool moet onderwysers en kinders die skoolhoof se gesag as leier aanvaar.

Later in 'n werksituasie, moet die persoon wat oor jou gestel is, se gesag aanvaar word.

Volgens die Bybel kom alle gesag van God. Romeine 13 vers 1 – 7. Volgens 'n verdere Bybelse opdrag: “omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid.”

Hoe moet ons gesag hanteer?

Ons kan nie maar maak soos ons wil nie, ons verskil van mekaar en het elkeen sy eie talente en vermoëns. Juis as gevolg hiervan is daar base en klase. Hier volg 'n paar terreine waarop 'n mens 'n mindere of meerdere posisie kan beklee.

Akademies	-	Slim / dom
Sport	-	Goed / swak
Godsdien	-	Vlakke van geestelike rypheid
Landsburger	-	Toegewyd / ontkenend
Skool	-	Junior / senior
Materiëel	-	Ryk / arm
Fisies	-	Mooi / lelik of groot / klein

### AANBIEDING

1. Dit is 'n baie belangrike saak en u sal wyer moet lees vir 'n beter agtergrond.
2. Wys daarop dat die mindere en meerdere se rolle soms kan omruil. Na aanleiding van bogenoemde kan ons byvoorbeeld sê dat die junior (mindere) in die skool is dalk in sport baie goed en kan dus in dié opsig die meerdere wees.
3. Die kind moet beseft dat die gesag soos God dit bedoel het, daar is om die individu te beskerm en veilig te laat voel en NIE om hom aan bande te lê nie. Gebruik die voorbeeld van die skape in die kraal met die wolf daarbuite. Hierdie voorbeeld word in “Treffer Tiener” mooi uiteengesit. Bladsy 8 tot 12.
4. Lees ook die afdeling oor gesagsaanvaarding in Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.

## 1.5 LEIERSKAP

Elkeen wil graag 'n leier wees. Daarvoor moet hy opgelei word en dit gebeur in *Die Voortrekkers*. Elke leier het volgelinge nodig en daarom is hulle net so belangrik as die leier.

### AANBIEDING

1. Gee 'n kort inleiding oor leierskap nadat u wyd oor die onderwerp gelees het. Lees ook die afdeling oor leierskap in Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.
2. Laat die spanlede 'n dinkskrum hou en noem wat hulle van hul leier verwag.
3. Verdeel die eienskappe in twee groepe. **A** Die eienskappe wat jy kan aanleer en **B** die eienskappe waaraan ek nie kan verander nie (byvoorbeeld fisies – 'n klein fyn meisie kan nie 'n rugbykaptein word nie al skop sy baie goed).

4. *Behandel met die span hoe 'n mens optree teenoor jou meerdere (jou leier)*
  - *Respekteer die posisie en aanvaar die persoon*
  - *Moenie afgunstig wees nie*
  - *Toon die nodige respek en onderdanigheid*
  - *Luister na die persoon en aanvaar sy gesag oor jou.*
5. *Behandel met die span hoe 'n mens optree teenoor jou mindere (jou volgeling)*
  - *Wees behulpsaam en vriendelik*
  - *Toon respek*
  - *Wees eerlik en opreg*
  - *Stel belang en probeer verstaan*
  - *Wees betroubaar*
  - *Behandel hom vir wie hy kan word en nie noodwendig vir wie hy nou is nie.*
6. *Nadat daar deeglik kennis geneem is van die vereistes, laat elke spanlid, met verskaffing van redes, besluit of hy 'n leier of 'n volgeling wil wees.*
7. *Vir nog 'n interessante oefening kan u die volgende doen:*

*Neem elke letter van die woord leier en koppel dit aan 'n eienskap. Byvoorbeeld:*

*L vir leergierig*

*E vir energiek,*

*I vir inskiklik*

*E vir eerlik*

*R vir raadgewend.*

*Gebruik ook die woord **volgeling** en **wenner** want ons is mos almal wenners.*
8. *Laat die span die opdragte in die werkboek voltooi.*

## 2 DIE VOORTREKKERWAPEN

### DOEL

Om die samestelling en die simboliek van die Voortrekkerwapen aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.

### INHOUD

1. Die samestelling van die Voortrekkerwapen
2. Simboliek van die verskillende dele van die wapen
3. Gebruike van die Voortrekkerwapen

---

### 2.1 DIE SAMESTELLING VAN DIE VOORTREKKERWAPEN

Die Voortrekkerwapen bind ons as Voortrekkers aan mekaar. Die wapen dra die boodskap van 'n jeugbeweging wat wil help bou aan die Christen-Afrikanervolk en aan Suid-Afrika.

Nadat *Die Voortrekkers* op 30 September 1931 gestig is, moes 'n wapen vir *Die Voortrekkers* gevind word. Die idee van 'n wiel-en-fakkelmotief wat deur **prof B Taute** voorgestel is, het soveel byval gevind, dat 'n kunstenaar gevra is om so 'n wapen te ontwerp. Die fakkel is oor die wiel geplaas en die mooi leuse: **HOU KOERS**, wat deur ons eerste hoofleier, **dr N J van der Merwe** voorgestel is, is op 'n blou lint onderaan die wapen aangebring. So het die wapen ontstaan wat ons vandag nog gebruik en waarop ons baie trots is.

Elke onderdeel van die wapen het 'n boodskap uit ons volksgeskiedenis.

## 2.2 SIMBOLIEK VAN DIE VERSKILLENDE DELE VAN DIE WAPEN.

### Voorwiel van 'n kakebeenwa met tien speke

Die Voortrekkers wat hierdie mooi land vir ons bewoonbaar gemaak het, het met volle vertroue op God, per wa en osse, die toekoms ingetrek. Vir almal wat aan die Voortrekkerbeweging behoort, dien die kakebeenwa se wiel as aansporing om ook doelgerig en vol vertroue op God, vorentoe te trek deur diensbaar te wees, ons plig te doen, respek te hê vir ander, rein te lewe, probleme as uitdagings te sien en steeds ons God, ons medemens en ons vaderland te dien. Die voorwiel bepaal die rigting, dui op vooruitgang, beweging en kan swaar laste dra. Ons hoef ons nie te skaam vir die wa nie, want ons het mos nie by die wa vasgesteek nie.

### Die brandende fakkel

Die Voortrekkers van jare gelede het die lig van die Christelike beskawing saam met hulle die onbekende binneland ingedra. Hierdie lig was die Bybel. Dieselfde Bybel wat hulle saam met hulle gebring het, sterk vandag ook elke Voortrekkerseun en –dogter in ons Beweging en daarom is daar 'n brandende fakkel in die wapen. Dit moedig ons van voor af aan om die lig van die Christelike geloof helder te laat brand en nooit toe te laat dat dit doodgaan nie. Maak seker dat die spanlede die betekenis begryp.

### Die blou lint met die leuse daarop

Vroeër jare het mense net na die son, maan en sterre gekyk om te weet watter rigting hulle moet volg. Later is die kompas gebruik en vandag word radar en ander gesofistikeerde metodes gebruik. Die "HOU KOERS" onderaan ons Voortrekkerwapen beteken die koers wat 'n mens op die lewenspad moet inslaan.

Ons koers word duidelik in die Bybel, die kode en belofte van *Die Voortrekkers*, aangedui. Vir die koers in die lewe het ons rigtingwysers soos die skool, die kerk, ons ouers en vriende nodig.

## 2.3 GEBRUIKE VAN DIE VOORTREKKERWAPEN

- ♦ Die Voortrekkerwapen word hoog, op die linkerkant van die erkenningsbaadjie en gholfhemp gedra.
- ♦ Die Voortrekkerwapen word op alle literatuur gebruik.
- ♦ Die wapen mag net in verhouding geteken word.
- ♦ Die regte kleure van die wapen moet gebruik word.
- ♦ Die verskillende dele van die wapen mag apart gebruik word.
- ♦ Die wapen mag nie onteer word nie.
- ♦ Die wapen mag nie by politieke byeenkomste gebruik word nie.

### AANBIEDING

1. *Beplan 'n seremonie rondom die simboliek van die wapen en laat die span dit per geleentheid opvoer.*
2. *Verduidelik die samestelling van die wapen aan die hand van 'n gekleurde afdruk. By die depot beskikbaar.*
3. *Laat die spanlede die vrae in die werkboek beantwoord.*

### 3 SEREMONIE VAARDIGHEDE

#### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die plesier van “ek kan dit doen” te laat ervaar.
2. Om die Penkop en Drawwertjie ‘n trots vir ons Beweging te leer

#### INHOUD

1. Waarom vlagseremonies?
  2. Wenke vir die aanleer van seremonievaardighede.
  3. Bewegings vir graad vyf.
- 

#### 3.1 WAAROM VLAGSEREMONIES?

1. Vlagseremonies is ons manier om eerbied en respek aan ons simbole te betoon.
2. Vlagseremonies, soos ander seremonies, help om ‘n besondere trots te kweek by jeuglede teenoor hul land, hul Beweging, hul span en hulself.
3. Vlagseremonies aan die begin en/of einde van ‘n Voortrekkeraktiwiteit bied die geleentheid tot ‘n ordelike begin en afsluiting. Dit dra ook by tot ‘n ordelike program wat na of voor so ‘n seremonie plaasvind.
4. Netjies afgeronde vlagseremonies kan ‘n goeie advertensie wees van die gehalte werk wat in die kommando of span gedoen word.

#### 3.2 WENKE VIR DIE AANLEER VAN SEREMONIE VAARDIGHEDE

1. ‘n Offisiere moet voorbereid wees en die bewegings self korrek kan uitvoer of iemand kry om dit namens hom aan te bied.
2. Stel die groep op in 'n vierkant waarvan die een sy oop is, daar staan die aanbieder. Die vierkant word so gedraai, dat die gesig van die aanbieder na die son is, sodat die son nie die kinders pla nie.
3. Verduidelik eers wat die doel van die beweging is en gee dan 'n volledige demonstrasie hoe die beweging moet lyk. Vermoed die noem en wys van verkeerde optredes, dit het die neiging om eerder vas te steek as die regte optrede.
4. Die ouderdom van die groep sal die spoed bepaal waarteen die groep die bewegings aanleer.
5. Sommige kinders sukkel met hand-oog koördinasie en moet ekstra aandag kry. Moet egter nie die kind uitsonder ten aanskoue van die ander nie. Stap liever saam met hierdie kind, gesels en begin jy as offisier jou arms swaai sodat die kind dit saam met jou doen en hy uiteindelik sonder inspanning marsjeer.
6. Prys kinders met die vordering wat hulle maak en bevestig ook gereeld waarom hulle dit moet aanleer.
7. Hersien vorige bewegings voordat die nuwes aangeleer word.
8. Moenie meer as twee bewegings op 'n keer probeer aanleer nie. Maak seker dat elkeen elke beweging behoorlik onder die knie kry voordat aangegaan word na die volgende.
9. Seremonieële vaardighede moet gereeld geoefen word anders word dit verloor. Kort, maar gereelde oefensessies toon beter resultate as 'n lang sessie. Hou op terwyl dit nog lekker is.
10. Sodra die kinders die bewegings onder die knie het kan dit saam met musiek uitgevoer word. Die resultaat is baie bevredigend en die kinders geniet dit.

11. Kinders geniet vlagseremonies meer as hulle dit behoorlik kan doen. Maak dus seker dat geleenthede vir oefening geskep word.
12. Gebruik die bewegings en vaardighede in ander seremonies ook sodat die kinders die waarde daarvan beleef en die genot van geordende bewegings kan ervaar.

**Alles wat goed gedoen word verskaf genot, is aansteeklik en motiverend.**

### **3.3 BEWEGINGS VIR GRAAD VYF**

#### **Die opvou van vlac**

Die vlac word opgevou nadat dit tydens 'n vlagstrykingseremonie van die paal verwyder is.

- Die twee vlagdraers staan voor die paal. Die dogter hou die vlag in haar hande terwyl die seun dit losmaak van die vlagtou.
- Die twee draai gelyk na mekaar, die dogter gee die soomkant se twee punte vir die seun sodat hy die blokkie van die vlag in sy regterhand het, terwyl sy die ander twee punte in haar hande hou.
- Met die vlag in hul hande gee elkeen een tree agteruit sodat die vlag uitgestrek word.
- Die vlag word in die lengte dubbel en weer dubbel gevou sodat die rooi buite is.
- Die twee tree elkeen 'n tree vorentoe. Die dogter gee haar twee punte aan die seun deur die vlag dubbel te vou.
- Die dogter neem nou die onderpunt van die gevoude vlag en vou dit weer na die seun toe.
- Die dogter begin die vlag oprol by die deel wat verste van die seun af is. Die seun neem die vlag by haar en maak die tou om die vlag vas.
- Hy gee die vlag aan die dogter (met die blokkie in haar regter hand) wat dit op albei haar hande dra.
- Hulle draai weer na die paal en gee saam met die twee voor die ander paal 'n tree na agter.
- Die volgende bevel sal wees, "Vlagdraers, Omkeer" en "Sluit aan by die groep/Voortrekkers/span voorwaarts mars". Sien die tabelle hier onder.

#### **Optrede en bewegings van 'n vlagdraer**

Die bewegings wat hier beskryf word, moet deeglik geoefen word sodat dit netjies uitgevoer kan word.

Die vier vlagdraers tree saam met die res van die Voortrekkers aan en staan vyf treë agter die laaste ry offisiere.

Let in die tabel hier onder op na die verskille van bevel en bewegings van die vlagdraers tussen 'n vlaghysing en 'n vlagstryking.

## VLAGDRAERS

Vlaghysing		Vlagstryking	
Bevel	Houding en Reaksie	Bevel	Houding en Reaksie
	Al vier staan op aandag. Dogter dra die vlag op albei hande met die balkie van die vlag in die regterhand.		Al vier staan op die plek rus.
Vlagdraers na die pale voorwaarts mars.	Stap met die linkervoet af en halt twee tree voor die pale. Seun direk voor die paal en dogter links van hom.	Vlagdraers aandag. Na die pale voorwaarts mars.	Kom op aandag. Stap met die linkervoet af en halt twee tree voor die pale. Seun direk voor die paal en dogter links van hom. Al vier salueer.
Maak gereed om die vlae te hys.	Al vier tree een tree vorentoe, seun maak toue van paal af los, dogter hou vlag op sodat seun dit kan vasmaak vir hysing. Hy trek die opgerolde vlag tot ooghoogte en wag vir die volgende bevel.	Maak gereed om die vlae te stryk.	Al vier gee 'n tree vorentoe. Die seun maak die vlagtou om die paal los. Hy staan stil sodra die taak voltooi is en wag vir die volgende bevel.
Hys die vlae.	Die seuns trek die vlae aan die hystoue op (die Nasionale vlag altyd effens hoër as die ander vlag) tot bo en wag vir die volgende bevel.	Stryk die vlae	Die seuns laat die vlae egalig sak sodat dit onder sal wees wanneer die sang klaar is. Die Nasionale vlag altyd effens hoër as die ander vlag.
Ontplooi die vlae.	Die seun trek aan die tou en die vlag val oop. Hy wag totdat klaar gesing is en maak die tou om die paal vas. Wanneer albei die pare gereed is, tree hulle gelyk een tree terug, salueer en wag vir die volgende bevel.		Die meisie ontvang die vlag voordat dit aan die grond raak. Sy hou al vier punte vas terwyl die seun die toue om die paal vasmaak. Seun en dogter draai na mekaar om die vlag op te vou. Volg nou die stappe soos by "opvou van vlae."
Vlagdraers omkeer.	Die vier maak saam 'n omkeer sodat hulle na die parade kyk en wag.	Vlagdraers omkeer	Die vier maak saam 'n omkeer sodat hulle na die parade kyk en wag.
Sluit aan by die Voortrekkers/ span – voorwaarts mars.	Die 4 stap in gelid na hul posisie agter die offisiere. Halt gelyk, maak 'n omkeer om weer na die pale te kyk en neem die posisie van die res van die groep aan. (gewoonlik op die plek rus)	Sluit aan by die Voortrekkers/ span - voorwaarts mars.	Die 4 stap in gelid na hul posisie agter die offisiere. Halt gelyk, maak 'n omkeer om weer na die pale te kyk en bly op aandag aangesien hulle die vlae het.



## 4 DIE VOORTREKKERKODE

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie te veranker in dit waarvoor *Die Voortrekkers* staan. Christenskap, Afrikanerskap en Burgerskap.
2. Om die offisier en jeuglid met woord en daad te bind aan die doelstellings van die Beweging.

### INHOUD

1. Inleiding.
2. Besprekings.

---

#### 4.1 INLEIDING

Enige lewende wese se voortbestaan hang af van 'n bepaalde patroon of reëls waarvolgens en waarbinne hy in harmonie met sy soort en andersoortiges kan saamleef. Daarom is daar wette in elke land en reëls in elke skool en huis. Die Voortrekkerbeweging het 'n kode (doelstellings) waarvolgens hulle probeer leef.

'n Kode is reëls en prosedures wat onderling deur die lede van 'n bepaalde stand, groep, vereniging of beweging erken word. Deur die reëls getrou na te streef en uit te leef word die doel van die beweging bereik.

Alles wat ons in *Die Voortrekkers* met die kinders doen of vir hulle leer moet aan een van die reëls van die kode gekoppel kan word. So sal die kinders en offisiere leer dat die kode eintlik 'n leefwyse is.

Die Voortrekkerkode is 'n vereenvoudigde weergawe van die doelstellings van die beweging. Opsommend praat ons ook van die ABC van die Beweging. Al die reëls van die kode wat handel oor Afrikanerskap sal deel vorm van die A, alle reëls wat gemik is op Burgerskap sal die B uitmaak terwyl alle reëls wat handel met ons Christenskap die C komponent uitmaak.

Die kinders en offisiere moet nie net die kode ken nie, maar moet dit ook uitleef. U het as offisier geslaag wanneer dit 'n werklikheid word. Om te kan slaag moet u voortdurend die kinders se denke en optredes volgens die kode rig. U aanbiedings moet duidelik uitspel watter reël van die kode u daarmee wil bereik. Deeglike voorbereiding is noodsaaklik sodat u aanbieding nuwe dimensie sal kry en die spanlede weekliks uitsien na die volgende byeenkoms omdat hulle werklik iets kry wat vir hulle 'n belewenis is. Die ekstra voorbereidingstyd sal deur en deur die moeite werd wees. (Gebruik ook die *Ondersteuningsboek vir Penkop en Drawwertjie Offisiere*)

#### 4.2 BESPREKINGS

1. Die kind gaan vanjaar die geleentheid kry om te sien dat hy alles deur die jaar met 'n bepaalde doel gedoen het.
2. By elke byeenkoms word die kinders gevra om fyn op te let na wat u vir hulle wil leer. Na die leservaring kry die kind geleentheid om sy gewaarwording met die ander te deel. Aanvanklik sal u baie leiding moet gee, maar met verloop van tyd sal hulle verstaan en gou die onderwerp en kode kan kombineer.
3. Dit sal meebring dat u baie goed moet beplan en ook 'n duidelike doel voor oë moet hê wanneer u beplan.
4. Tydens die gesprekke oor die werkinhoud en die kode kan u ook begin om saam die kode te verdeel in die Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap van die ABC.
5. Meeste van die aanbiedinge onderskryf meer as een reël, probeer egter om by net een of miskien twee reëls te hou om totale verwarring te voorkom.
6. Gee deur die jaar na elke aanbieding geleentheid om die opdrag in die werkboek te voltooi.

## 5 VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie groepsgebondenheid deur middel van drag te laat ervaar.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n trots vir die drag van die Beweging te kweek.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die begrip van die sinvolle gebruik van kleur vir uitkenning aan te leer.

### INHOUD

1. Voortrekkerdrag.
2. Kleurstelsel.

### 5.1 VOORTREKKERDRAG

- ♦ Moedig deur u voorbeeld die kinders aan om met **elke** byeenkoms minstens hulle aktiewe drag aan te trek.
- ♦ Maak by elke byeenkoms seker dat u en u span volgens **voorskrif** geklee is.
- ♦ **Skep** geleenthede vir die dra van formele drag.
- ♦ **Kontroleer** gereeld of die kentekens op die erkenningsbaadjies korrek aangewerk is.

### 5.2 KLEURSTELSEL

#### AGTERGROND INLIGTING VIR DIE OFFISIER

In *Die Voortrekkers* gebruik ons 'n kleurkode as uitkenningshulpmiddel. Die kleure het 'n bepaalde volgorde sodat, wanneer jy die kleure se rympie ken, kan jy self diensjare, toekennings, range en graadwiele uitwerk.

**Die kleurvolgorde is:**

1. Oranje	2. Groen	3. Blou	4. Rooi	5. Silwer	6. Goud
-----------	----------	---------	---------	-----------	---------

1. Die graadwielboekies en die offisiere se handleidings volg bogenoemde kleurpatroon en daarmee saam die graadwiele wat die kinders ontvang na voltooiing van die werk in die werkboek.
2. So ook die skeie en jukke wat die lede vir getroue bywoning ontvang.
3. Die rangkentekens van die Penkop en Drawwertjie is oranje terwyl die Verkenners se rangkentekens groen is .
4. Die rangkentekens van die offisiere volg dieselfde patroon.
  - Veldkornet en adjudante se kompasse is groen.
  - Kommandodagbestuur se kompasse is blou.
  - Oorddagbestuur se kompasse is rooi.
  - Gebiedsdagbestuur dra silwer wiele.
  - Hoofdagbestuur dra goue fakkels.

Maak seker dat die kentekens wat die kind die vorige jaar ontvang het, wel op sy erkenningsbaadjie korrek aangewerk is.

Aan die einde van hierdie jaar sal die kinders wat **nou** die sesde jaar in die Voortrekkers is, 'n silwer graadwiel en 'n oranje skei ontvang. Die skei word gedra saam met die voorjuk wat hy die vorige jaar ontvang het.

Die kind wat egter pas aangesluit het, ontvang wel 'n silwer graadwiel, maar ontvang skeie volgens sy diensjare.

Die vorige jaar se graadwiel word **NIE** verwyder nie. Die nuwe graadwiel word net op die korrekte plek bygevoeg.

## AANBIEDING

### 1. Dra die volgende inligting op aanskoulike wyse aan die kinders oor.

- **Die Voorjuk:** Die juk is 'n houtbalk wat gebruik is om osse voor die wa in te span. In elke juk het vier skeie gepas. Na vyf jaar getroue diens ontvang 'n Voortrekker die kenteken van 'n voorjuk as erkenning terwyl hy die vorige vier jare elke keer 'n skei ontvang het.

*Die voorjuk het van die ander jukke verskil omdat die skei aan die buitekant 'n hak gehad het wat deur die touleier gebruik is om die tou, waarmee hy die osse moes lei, aan op te hang wanneer hy nie meer hoef te lei nie. Vandaar die uitdrukking “hy gooi tou op” wanneer hy nie meer doen wat hy moes gedoen het nie.*

*Die juk is op die twee osse se skowwe neergelê en skeie is weerskante van die kop, deur die juk gedruk. Dit het dan verseker dat die osse die afstand tussen hulle behou.*

- **Die skei** het dié naam gekry aangesien dit die osse van mekaar moes skei. Skei beteken immers om dinge uitmekaar te hou. Aan een kant van die skei was twee kepe ingesny om die strop (riem) in te hak.
- **Die strop:** Om te voorkom dat die os sy kop sou laat sak en so tussen die twee skeie sou uitkom, is daar tussen die twee skeie onder die os se keel, 'n riemp (die strop) aangebring. Normaalweg is die strop in die onderste twee gleuwe gehak. Wanneer die strop in die boonste twee kepe gehak sou word, het die osse baie swaar getrek omdat die strop dan styf om sy keel sou trek. Die uitdrukking “om noustrop te trek” (wanneer iemand swaarkry) kom ook hiervandaan.

## 6 SANG

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van saamsing te laat ervaar.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n gevoel van samehorigheid te laat ontwikkel.
3. Om by die Penkop en Drawwertjie gesagsaanvaarding en selfdisipline aan te leer.

### INHOUD

1. Algemene nut van sang.
2. Wenke vir die offisier.
3. Sang vir graad vyf.

---

### 6.1 ALGEMENE NUT VAN SANG

Sang kan gebruik word:

- ♦ Om atmosfeer te skep.
- ♦ Om te dien as oorgang tussen twee aktiwiteite.
- ♦ As afwisseling as die groep se aandag begin dwaal.
- ♦ As 'n uitlaatklep vir "besige" kinders.
- ♦ As 'n hulpmiddel tot vaslegging van teorie.
- ♦ Om gees te bou.
- ♦ Om informele leierskap te ontwikkel en uit te bou.
- ♦ Om lewenswaarhede oor te dra.

### 6.2 WENKE VIR DIE OFFISIER

1. Dit word sterk aanbeveel dat elke kind 'n hardebladboek aanskaf waarin elke jaar se liedjies geplak word.
2. Die liedjies moet pas by die kind se begripsvermoë en, waar moontlik, aansluiting vind by die werk wat hulle behandel.
3. Sang kan gebruik word om die spanbyeenkoms mee te begin, af te sluit of as afwisseling tussen die werksaamhede van die dag.
4. As dit moeilik is om die groep aan die sing te kry of op die noot te hou, maak gebruik van 'n CD- of bandspeler om die musiek te speel terwyl gesing word. Daar kan selfs saam met die sanger gesing word.
5. Dink aan liedjies soos die wat Carika Keuzenkamp en andere sing.
6. Kitaar of klavierbegeleiding kan ook gebruik word.
7. Wissel die sang af met beweging. Byvoorbeeld: sit soms vir 'n liedjie, staan die volgende keer, haak bymekaar in, huppel of wieg heen en weer of klap op maat van die musiek. Maak dit 'n heerlike ervaring vir die groep.
8. Sang is belangrik tydens kampe en selfs ook terwyl die groep in 'n bus of motor ry.
9. Maak voorsiening vir sang tydens die weeklikse spanbyeenkomste al is dit net vir 5 minute.

### 6.3 SANG VIR GRAAD VYF

Gedurende die jaar moet minstens **vyf** Afrikaanse liedjies aangeleer word:

- drie** vaderlandsliede,
- een** met eie woorde op 'n bekende wysie en
- een** wat groepsgees bou.

#### AANBIEDING:

1. *Maak seker watter liedjies die spanlede reeds ken voordat u die keuse vir vanjaar maak.*
2. *Met die offisier se hulp kan die span nuwe woorde vir 'n reeds bekende wysie skryf en dan sing.*
3. *Gebruik sang gedurende die jaar by al die spanbyeenkomste en ook op kampe.*
4. *Dit is 'n belangrike hulpmiddel om spangees te bou.*
5. *Op dié ouderdom kan ook begin word om liedere in kanon te sing.*
6. *Gee die spanlede geleentheid om die sang te hanteer. Gebruik die Ondersteuningsboek vir Penkop en Drawwertjie Offisiere se inligting om aan die kinders te leer wat die vereistes vir 'n goeie sangleier is. Help hulle tydens hul aanbieding reg, indien nodig.*
7. *Al die liedjies se woorde word in die hardeblad "sangbundel" geplak.*

## 7 SPELE

### DOEL

1. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n gevoel van samehorigheid te laat ontwikkel.
2. Om aan die Penkop en Drawwertjie gesagsaanvaarding en selfdissipline te leer.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van prestasie en saamspeel te laat ervaar.

### INHOUD

1. Algemene nut van spele.
2. Wenke vir die offisier.
3. Spele vir graad 5.

---

### 7.1 ALGEMENE NUT VAN SPELE

Spele kan gebruik word:

- ♦ Om groepsgees te skep.
- ♦ As oorgang tussen twee aktiwiteite.
- ♦ As afwisseling as die groep se aandag begin dwaal.
- ♦ As 'n uitlaatklep vir "besige" kinders.
- ♦ Om as 'n hulpmiddel tot vaslegging van teorie te dien.
- ♦ Om informele leierskap te ontwikkel en uit te bou.

## 7.2 WENKE VIR DIE OFFISIER

- ♦ Enige bordspel kan nuttig omgeskakel word vir Voortrekkerwerk.
- ♦ Onthou dat bordspele binneshuis gebruik kan word wanneer die weer byvoorbeeld sleg is.
- ♦ Maak voorsiening vir spel tydens die weeklikse spanbyeenkomste.
- ♦ Gebruik spele tussen ander aktiwiteite sodat dit steeds vir die kinders lekker bly.

## 7.3 SPELE VIR GRAAD VYF

Gedurende die jaar moet minstens drie bekende speletjies **aangepas** word om Voortrekkerwerk vas te lê.

### AANBIEDING:

1. *Wat die spele betref kan bekende speletjies deur die groep aangepas word om in hul behoeftes te voorsien. Byvoorbeeld die bekende vroteier kan verander word na 'n knope-aanleer speletjie deur in plaas van 'n sakdoek agter iemand se rug te gooi, gooi jy 'n tou en skree 'n knoop se naam. Die een wat die tou ontvang het moet die knoop maak voor die gooier, wat om die kring hardloop, by hom uitkom.*
2. *Maak seker watter speletjies die spanlede reeds ken voordat u die keuse vir vanjaar maak.*
3. *Spel is 'n belangrike hulpmiddel om spangees te bou.*
4. *Gee die spanlede geleentheid om die spele te hanteer. Gebruik die Ondersteuningsboek vir Penkop en Drawwertjie Offisiere se inligting om aan die kinders te leer wat die vereistes vir 'n goeie spelleier is. Help hulle dus tydens hul aanbieding reg waar nodig. Gee geleentheid vir alle kinders in die span om leiding te neem by spele en herinner hul voortdurend aan die vereistes van goeie spelleiers. Help steeds reg waar nodig.*
5. *Bespreek probleme wat met spele kan ontstaan en gee moontlike oplossings. Byvoorbeeld: Wat sal jy doen as 'n groep nie wil luister as jy 'n speletjie verduidelik nie.*

## EK AS AFRIKANER

### 1 VOLKSELDE

#### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie kennis te laat opdoen oor die eienskappe van 'n volksheld.
2. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan sewe prominente volkshelde.

#### INHOUD

1. Wat is 'n volksheld?
2. Die geskiedenis van 'n aantal volkshelde
3. Die wyse waarop 'n volksheld vereer word

---

#### 1.1 WAT IS 'N VOLKSELDE?

'n Volksheld is iemand wat in die oë van die volk daardie karaktereienskappe het wat die volk se ideale en strewes en hoogste lewenswaardes verteenwoordig. Hy is iemand van wie die volk graag sou wou sê: hy is 'n voorbeeld vir ons volk. Dit is soos hulle is en wat hulle glo en doen.

Enigeen wat in belang van die volk buitengewoon opgetree het, kan as 'n volksheld vereer word indien dit van so 'n aard was dat dit die volk se ideale en strewes bevorder het. Hierdie optrede kan oor 'n kort- of langtermyn plaasgevind het.

'n "Idol" is **nie** 'n volksheld of goeie rolmodel nie. Volgens die woordeboek is dit eerder 'n wanvoorstelling, dwaalbegrip of afgod.

Dit gebeur soms met verloop van tyd dat 'n persoon wat aanvanklik as 'n volksheld beskou is, later nie meer as sodanig beskou word nie, of dat die teenoorgestelde gebeur, naamlik dat sy optrede met verloop van tyd in beter perspektief gesien word. Dit is selfs moontlik dat persone wat van mekaar verskil het beide as volkshelde gehuldig word. Dink aan voorbeelde soos Paul Kruger en Piet Joubert, Hendrik Potgieter, Piet Retief, Gerrit Maritz, Sarel Cilliers, Christiaan de Wet, Jopie Fourie en vele ander.

*Die Voortrekkers* lê klem op volkshelde en **onderskei tussen volks- en nasionale helde**. 'n Nasionale held word deur al die volksgroepe van die land oor verskillende kultuurgroepe heen as 'n held vereer, terwyl 'n volksheld slegs deur sy eie volksgroep vereer word.

Staatsmanne word gewoonlik as nasionale helde gesien, maar hoef nie noodwendig volkshelde te wees nie. In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is daar heelwat staatsmanne wat tegelyk as volks- en nasionale held vereer is.

#### 1.2 DIE GESKIEDENIS VAN 'N PAAR VOLKSELDE

##### DANIE THERON

Danie Theron is een van die grootste figure wat die Afrikanervolk nog opgelewer het. Met die Tweede Vryheidsoorlog onderskei hy hom as knap verkenner. Hy stig die Theron Verkennerkorps wat onder andere met fietse verkenningwerk doen. Hy beweeg, vermom as 'n Britse offisier, in Britse gesellighede.

Hy kruip per geleentheid deur Britse magte wat generaal Cronjé omsingel om aan hom 'n boodskap van generaal de Wet te bring en kruip daarna weer terug tussen die Britse magte deur. Tydens 'n geveg op 5 September 1900 op Gatsrand naby Fochville word hy dodelik deur 'n bomskerf getref. Hy het in hierdie geveg vingeralleen die hele oprukkende Britse kolonne teruggehou om die Boerekommando's kans te gee om hulleself op te stel.

'n Gedenknaald vir Danie Theron, wat op dié plek opgerig is, behoort aan *Die Voortrekkers*.

## LOUW WEPENER

Louw Wepener het as held na vore getree by Thaba Bosigo in die Basoetoe-oorlog wat in 1805 uitgebreek het nadat die Basoetoe onder Mosjesj aanhoudend vee geroof en plase in die Vrystaat aangeval het.

Die Basoetoe het met kieries, byle, gewere en klein kanonne oorlog gevoer. Een van die Basoetoe-afdelings het uit 15 000 ruiters bestaan wat in rooi baadjies geklee en met gewere toegerus was.

Die Vrystaatse burgermag moes Thaba Bosigo, die bergvesting van die Basoetoe koning, aanval en hoofkommandant Louw Wepener was in bevel van die suidelike kommando's. Hy het sy manne tot by die kranse gelei, dit verder uitgeklim en van skans tot skans gestorm.

Die eerste groep manne was almal by 'n veilige skans en storm toe verder om vir die tweede groep manne plek te maak. In hierdie stormloop het 'n koeël van die vyand, Louw Wepener dodelik getref. Die Basoetoes het sy hart uitgesny en sy oorskot in 'n sloot met klippe toegepak.

Naby Bethulie is 'n monument ter nagedagtenis aan Louw Wepener. Hierdie monument behoort aan die Vrystaatse Voortrekkers.

## PAUL KRUGER

Paul Kruger was maar nege jaar oud toe hy as touleier en voorloper sy vader se ossewa in die Groot Trek help lei het. Op tienjarige ouderdom het hy as penkop deelgeneem aan die heldhaftige verdediging van Vegkop teen die Matabele wat die Potgietertrek aangeval het.

Op veertienjarige ouderdom skiet hy sy eerste leeu. Die besondere leeu het reeds baie vee gevang, toe daar op hom jaggemaak is.

Op 'n dag toe hy gaan jag het, het sy geweer per ongeluk afgegaan en is sy linkerduim pap geskiet. Met sy sakmes het hy self die verminkte stompie afgesny sodat die wond kon genees.

Paul Kruger, die President van die Zuid Afrikaanse Republiek, het 'n groot rol gespeel tydens die Eerste Vryheidsoorlog van 1881 om Transvaal se vryheid terug te wen nadat Brittanje in 1877 Transvaal geannekseer het om Brittanje se imperialistiese drang te bevredig. Kruger het die ZAR altyd eerste gestel en probeer om altyd in belang van sy mense op te tree en daarom word hy as volksheld geëer.

Paul Kruger het ook in 1899 Brittanje die stryd aangesê toe Britse troepe op Transvaal se grense saamgetrek het, maar nie voordat hy onderhandel het om vrede te probeer bewaar nie.

Paul Kruger het God en die Bybel geken en gehoorsaam. Hy is in 1904 as banneling in Switserland oorlede.

## GIDEON SCHEEPERS

Gideon Scheepers het saam met die republikeinse magte, tydens die Anglo-Boere Oorlog, die Kaapkolonie binnegeval en het baie onverskrokke en dapper opgetree in menige skermutseling en in verkenningsgevegte. In een van die gevegte met die Britte is hy gewond. Later, op 10 Oktober 1901, is hy, toe hy te siek was om te veg of te vlug, gevange geneem. Hy is na Graaff-Reinet geneem en in die gevangenis opgesluit.

Die Britte het hom aangekla van hoogverraad onder die vals beskuldiging dat hy as 'n Kaapse Burger 'n rebel teen sy regering was. Hy was egter 'n Transvaalse Burger.

Sy onverskrokke optrede in belang van sy land het van Gideon 'n volksheld gemaak.

Op 18 Januarie 1902 het hy voor 'n vuurpeleton as 'n rebel gesterf. Sy lyk is verwyder en op 'n onbekende plek begrawe. Tot lank na die vredesluiting het sy weduweemoeder vergeefs probeer om sy graf op te spoor.



## MARTHINUS OOSTHUIZEN

Marthinus Oosthuizen se heldedaad staan in verband met 'n aanval op die Voortrekkers na die moord op Piet Retief. Na die moord op Retief en sy manne op 5 Februarie 1838 het Dingaen se Impi's opgeruk om die niksvermoedende Trekkers aan te val waar hulle angstig langs die Boesmans-, Blaauwkrans- en Mooiriviere op die terugkoms van Retief gewag het.

In die nag is die Trekkers aangeval in hul verspreide laers en uitgemoor. Vroeg die oggend het Sarel Cilliers met 'n vyftigtal manne opgetrek om die vasgekeerdes te help. Hulle merk toe op dat die Van Rensburgs se ammunisie opgeraak het. Marthinus Oosthuizen het met 'n voorraad ammunisie deur die Zoeloe-linies gejaag om die Van Rensburgs te help. Die Van Rensburgs het die aanval oorleef.

## CHRISTIAAN RUDOLPH DE WET

Generaal C R de Wet was hoofkommandant van die Vrystaatse magte gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).

Hy het dikwels verhuis. Tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog het hy hom in Heidelberg (Transvaal) bevind en was onder die burgers wat Amajuba verower het.

Met die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899 het hy as opgekommandeerde burger op sy wit hings, Fleur, na die oorlog vertrek.

Toe die Britse oormag vir die Boere te veel begin word het, het generaal De Wet met 'n nuwe taktiek begin, naamlik guerilla-oorlogvoering wat onder andere bestaan het uit strooptogte, hinderlae en sabotasie. Vir dié soort oorlog was verkenning noodsaaklik en dit het hy nie net aan sy verkenners oorgelaat nie, maar dikwels self behartig.

Generaal De Wet was 'n kragtige leier en 'n meesterlike strateeg. Deur sy vermoë om die vyand se foute uit te buit, 'n situasie reg op te som en tot voordeel van die Boere aan te wend en sy onvoorspelbaarheid en verrassingsaanvalle wanneer die vyand dit die minste verwag het, het hy groot welslae behaal.

Op 31 Mei 1902 het hy as waarnemende president van die Vrystaat in die plek van die siek President Steyn die Vrede van Vereeniging mede-onderteken.

Toe generaal De Wet per boot op pad na Europa was om geld in te samel vir die verarmde weduwees en weeskinders, het hy sy herinneringe van die oorlog getitel "De Strijd tusschen Boer en Brit" voltooi. Die boek is in minstens 7 tale, onder meer in Russies vertaal.

In 1922 is generaal C R de Wet oorlede en langs sy geesgenoot, President M T Steyn aan die voet van die Vrouemonument in Bloemfontein begrawe.

'n Beeld van generaal C R de Wet op sy perd Fleur is by die Vierde Raadsaal in Bloemfontein opgerig.

## SAREL CILLIERS

Sarel Cilliers was die gerespekteerde predikant van die laer wat by die Ncomerivier in Natal gestaan het.

Op 27 November 1838 het Andries Pretorius en 464 mans met 64 waens vertrek, om die Trekkers in hulle nood te gaan bystaan. By Kliprivier het 'n verdere 200 mans by die kommando aangesluit.

By Danskraal het Sarel Cilliers die kommando geleid om 'n eed af te lê. Sy sterk godsdienstige oortuiging en die wyse waarop hy die groot aantal mans geleid het om die gelofte oor 'n aantal dae af te lê, het van hom 'n held in die oë van sy volk gemaak. 'n Gelofte is gedoen aan God dat as Hy hulle die oorwinning sou gee, daardie dag vir ewig as 'n Sabbat gevier sou word. Hulle sou ook 'n kerk as gedenkteken bou. Vanaf 9 Desember het hulle die eed by elke aanddiens herhaal, tot op die dag van 15 Desember. Op dié dag het hulle 'n laer op die walle van die Ncomerivier, getrek. Die D-vormige laer was nou van twee kante beskerm omdat die rivier daar diep gevloei het en daar 'n sloot in die rivier ingeloo het.

Pretorius se verkenners het gerapporteer dat die Zoeloe-leër, van tussen 12,000 en 15,000 krygers reeds baie naby was aan die sowat 600 trekkers in die laer. Die nag was maanloos en daar is lanterns aan lang

swepe vasgemaak. Die swepe is dan so teen die waens gestut dat die lanterns na buite gehang en 'n onheilspellende lig op die grond om die laer gegooi het.

In die geveg op 16 Desember 1838, is 3,000 Zoeloes dood en slegs 3 trekkers gewond. Daardie aand het die trekkers in groot ootmoed en diepe besef van hulle afhanklikheid van God die Here gedank.

Die Geloftekerk is in Pietermaritzburg gebou. Vandag is hierdie kerk 'n museum waarin baie van die voorwerpe uit die tyd van die Groot Trek uitgestal word. Die Voortrekkermonument is ook later by Pretoria gebou en op 16 Desember elke jaar reël *Die Voortrekkers* daar 'n erediens.

### 1.3 DIE WYSE WAAROP 'N VOLKSHELD VEREER WORD

By die verering van 'n volksheld moet die klem nooit op mensverheerliking val nie, want 'n held se optrede word per slot van sake deur die Here toegelaat. Die boodskap by die verering van 'n volksheld moet altyd dankbaarheid wees. Dankbaarheid dat daar so 'n persoon was wat vir ons volk iets kon beteken. Sodoende kan dit 'n rolmodel word.

#### AANBIEDING

1. Vertel die geskiedenis van bogenoemde helde aan die span, maar moenie dit voorlees nie. As alternatief kan 'n plaat of kasset wat dit uitbeeld, gespeel word.
2. Hou 'n kort bespreking oor 'n paar volkshelde en waarom hy as 'n held gereken word.
3. Laat die spanlede die opdragte in die werkboek voltooi.

Die antwoorde van die opdrag in die werksboek:

<i>Jaag deur Zoeloe-impis</i>	<i>Marthinus Oosthuizen</i>
<i>Aflegging van Gelofte</i>	<i>Sarel Cilliers</i>
<i>Sy perd se naam was Fleur</i>	<i>Christiaan de Wet</i>
<i>Vryheidsoorlog</i>	<i>Paul Kruger</i>
<i>Basoetoe-oorloë</i>	<i>Louw Wepener</i>
<i>Verkenner by uitnemendheid</i>	<i>Danie Theron</i>
<i>Sterf voor vuurpeleton</i>	<i>Gideon Scheepers</i>

4. Dit is ook nodig om hedendaagse helde uit te wys. Hou 'n groepsbespreking en laat die spanlede helde opnoem. Stel hierdie helde in perspektief waar dit nodig is.



Die aflegging van die Gelofte is in klip verewig by die Voortrekkermonument.

## 2 MY TAAL

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie se kennis van sy taal uit te brei.
2. Om 'n liefde vir die taal by die Penkop en Drawwertjie te kweek.
3. Om die Penkop en Drawwertjie te laat beseft dat alles wat ons wil sê ons wel in suiwer Afrikaans kan doen.
4. Om aan die Penkop en Drawwertjie te bewys dat Afrikaans prettig, beskrywend en kleurrik kan wees.

### INHOUD

1. Spreekwoorde

SPREEKWOORDE	VERDUIDELIKING
Iets op die been bring	Iets begin
Nie weet waarin jy jou begewe nie	Nie weet wat alles op jou wag nie.
Jou keteltjie by 'n ander se vuur sit.	Uit iemand anders voordeel trek.
'n Ketting is so sterk soos sy swakste skakel.	Die swakste onderdeel (persoon) bepaal die krag van die geheel.
Lewe en laat lewe.	Gun vir ander wat jy vir jouself gun
Dit is alles net lippetaal.	Hy bedoel nie wat hy sê nie.
Iemand die loef afsteek.	Iemand voorspring of wen.
Lont ruik.	Agterdogtig wees.
Lig loop vir iemand of iets.	Versigtig wees vir 'n persoon of situasie.
'n Perd wat korrels verdien, kry dikwels die strooi.	Die een wat die werk doen, word nie altyd daarvolgens beloon nie.
Sonder moeite is daar geen goeie oes nie.	Moenie sukses verwag as jy nie jou kant bring nie.
'n Krap gee nie geboorte aan 'n voël nie.	Jy kry wat jy verdien.
Moenie kyk waar jy geval het nie, kyk waar jy gestruikel het.	Moenie kyk na die gevolge nie, kyk na die oorsaak.

Hierdie spreekwoorde kon baie maklik deel gewees het van die alledaagse lewe op die delwerye. Laat elke spanlid 'n storie oor die lewe op die delwery vertel waarin hy minstens vier van die spreekwoorde gebruik.

Dit kan ook groot pret wees om ander spreekwoorde te gebruik om van hulle ervarings by die skool en huis te vertel.

### AANBIEDING

1. Wanneer u hierdie gedeelte hanteer moet u deurentyd die bogenoemde doelwitte in gedagte hou.
2. Let veral ook op u eie taalgebruik.

3. *Bekom 'n aantal boeke met spreekwoorde, idiome en gesegdes om uit te werk.*
4. *Laat spanlede 'n paar spreekwoorde, idiome en gesegdes uitsoek. Gesels daaroor en laat hulle oefen om dit korrek in hulle gesprekke te gebruik.*
5. *Van die uitdrukkings verleen hulle tot rolspele wat interessante kampvuuritems kan maak.*
6. *U kan ook gesegdes en hulle betekenis op verskillende kaartjies skryf sodat die kinders dit bymekaar kan pas.*
7. *Spanlede moet aangemoedig word om tydens elke spanbyeenkomste minstens eenkeer 'n spreekwoord korrek te gebruik.*
8. *Hierdie is nie 'n taalles nie maar moet gebruik word om ons taal lekker bruikbaar te maak.*
9. *Behandel die spreekwoorde in die werkboek met die span.*

## EK AS LANDSBURGER

### 1 DIE GESKIEDENIS VAN ONS VOLK EN LAND

#### DOEL

1. Om die geskiedenis van die ontdekking van goud en diamante in Suid Afrika aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.
2. Om die volgorde van gebeure in die geskiedenis by die Penkop en Drawwertjie in te skerp.

#### INHOUD

1. Die Ontdekking van goud in Suid-Afrika.
  2. Die Ontdekking van diamante in Suid-Afrika.
- 

#### 1.1 DIE ONTDEKKING VAN GOUD IN SUID-AFRIKA

Nadat die Groot Trek na die noorde tot 'n einde gekom het, het 'n nuwe soort samelewing ontwikkel. Plaasgemeenskappe het rondom klein dorpie ontstaan. Die gemeenskappe was arm maar gelukkige gemeenskappe wat sover moontlik selfonderhoudend probeer wees het.

Daar was egter ook die mense wat skielik baie ryk wou wees. Dit was die prospekteerders en goudsoekers wat oor die hele wêreld rondgetrek het op soek na die vonds van die eeu. Reeds vanaf 1850 het hulle Transvaal deurkruis op soek na goud .

Klein onekonomiese hoeveelhede spoelgoud is telkens op verskeie plekke gevind. Dit het egter net die hoop op die groot vonds lewendig gehou.

In 1853 toe P J Marais as amptelike goudsoeker in Transvaal aangestel is, het die saak begin momentum kry. In Oktober van dieselfde jaar vind hy 'n klompie spoelgoud in die Jukskeirivier. Daarvoor betaal die Volksraad hom 500 pond en stel hom aan as mynbestuurder.

Die goudkoors het Transvaal in die sewentiger jare behoorlik beetgepak toe goud op die plaas Eersteling naby Pietersburg ontdek word. Twee jaar later in 1873 word spoelgoud in die omgewing van Lydenburg ontdek. Alec Patterson, met die bynaam Wheelbarrow, wou sy ontdekking stilhou, maar William Trafford was kort op sy hakke en het self 'n kleim in die vallei laat registreer.

Die myndorp Pelgrimsrus, het in die vallei, rondom die stroompie waaruit R3 miljoen se spoelgoud herwin is, ontstaan. Pelgrimsrus is vandag 'n lewende museumdorpie waar die besoekers iets van dié dae in die delwersdorpie kan ervaar.

Die Struben broers Fred en Harry het vanaf 1883 die gebied, wat vandag as die Witwatersrand bekend staan, stelselmatig deursoek vir goud. George Harrison het 'n kleim, waarop hy goud ontdek het, in die gebied gehad. Hy word dan ook beskou as die persoon wat die rykste goudveld in die wêreld ontdek het.

J G Bantjes was ook besig met prospekteerwerk in die omgewing toe hy in 1886 'n verlenging van die hoofrif ontdek. Die Struben broers het die storie met welslae opgevolg en op die plase Braamfontein, Turffontein, Langlaagte en Doornfontein word goeie neerslae goud ontdek.

Spoedig het op die plase twee groot mynkampe naamlik Ferreiraskamp en Natalkamp ontstaan. Die inwonertal van die kampe was gou 600 siele.

Die stormloop vir goud het spoedig 'n vloedgolf geword. Van ooral oor het mense na die Rand gestroom. Tentedorpe het soos paddastoele opgeskiet, later is sinkpondokkies oral opgeslaan. Teen die einde van 1892 was die inwonertal van die mynkamp reeds oor die 40,000.

Dit was die begin van Suid-Afrika se goudstad, Johannesburg. Die eens arm Transvaal was skielik verseker van voorspoed en welvaart. Sakeondernemings het floreer, nuwe markte is vir die boere se produkte geskep en meer werksgeleenthede op die myne, fabriek en plase het ontstaan.

Ongelukkig het saam met die voorspoed ander euwels gekom, soos drankmisbruik, diefstal, onderkruipery en prostitusie. Weens die uiteenlopendheid van die mense wat op die Rand saamgekoek het, het uiteenlopende menings en opinies ontstaan. Die kulturele en politieke verskille het ook tot heelwat wrywing gelei.

Die Uitlanders, soos die mense genoem is wat die land agter die goud aan ingestroom het, was nie tevrede met die regering se hantering van verskeie sake nie. Hulle het spoedig aangedring op stemreg. Cecil John Rhodes, wat op die stadium sterk besig was om Brittanje se mag in Suid-Afrika uit te brei, het die situasie aangegryp en die uitlanders aangepor.

Die regering het besef dat met die groot getal uitlanders dit vir hulle onhoudbaar sal wees as hulle stemreg toestaan. Na verskeie onderhandelings wat almal misluk het, het die stemregkwessie gelei tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog met al sy hartseer en ellende.

### **Belangrik!**

**Volgende jaar word die oorlog behandel. Dit is belangrik om die verband tussen die verskillende gebeure in ons geskiedenis duidelik uit een te sit vir die kinders. Elke gebeurtenis in die geskiedenis het 'n oorsaak en gevolge - deur dit telkens uit te wys, maak geskiedenis vir die kinders later sin.**

Die twee museumdorpie, Pelgrimsrus in die Oos-Transvaal en Gold Reef City in Johannesburg, is besoeke werd. Daar kan ons 'n kykie kry in die opwindende tydvak van ons volk se geskiedenis deur te ervaar en te sien hoe hulle geleef het .

## **1.2 DIE ONTDEKKING VAN DIAMANTE IN SUID-AFRIKA**

In 1866 kom John O'Reilly ('n smous en transportryer) op Schalk van Niekerk se plaas (op die suidoewer van die Oranjerivier), De Kalk aan.

Die boer wys vir O'Reilly twee kristalle wat sy buurvrou, Mev Jacobs, se kinders in die veld opgetel het. O'Reilly belowe om uit te vind wat se kristal dit is.

Op sy reis deur Hopetown kon niemand vir hom sê wat dit is nie. Op Colesberg wys hy dit vir die kommissaris, Mnr Boyes. Hy vermoed dat dit dalk 'n diamant kan wees en pos dit aan dr. Atherstone, 'n kenner in Grahamstad. Dr Atherstone bevestig dat dit wel 'n diamant is, en sommer 'n besondere grote van 21 karaat. Die steen het later die naam Eureka gekry.

Drie jaar later hoor Van Niekerk van 'n Griekwa skaapwagter wat 'n diamant op die plaas Zandfontein, wat naby sy eie plaas was, opgetel het. Van Niekerk koop die diamant by Booï vir 'n perd, tien osse en 500 skape. Die diamant was baie groter as Eureka en is later die Ster van Suid-Afrika - 83,5 karaat - genoem .

Na die vonds bekend gemaak is, het mense na die Noord-Kaap gestroom op soek na hulle fortuin. Baie spoeldiamante is in en om die Oranjerivier, vanaf die sameloop van die Vaalrivier, naby Douglas, tot by Prieska, gevind.

Prospekteerders het al verder weg van die rivier begin soek. Op die plase Jagersfontein en Vooruitzicht word dan ook spoedig droë grond of pydiamante gevind. Nou is die gort behoorlik gaar want almal soek diamante. In die Vrystaat en ook in Transvaal is op verskeie plekke diamante ontdek.

Baie delwers het kleims afgesteek waar hulle na diamante kon soek. So het die groepie wat hulself die Red Cap Party genoem het ook 'n kleim op die plaas Vooruitzicht bekom. Hulle was woedend toe hul bediende een aand dronk by die huis kom, onnodige praterij kon net mense se kansse verswak. Vir sy straf stuur hulle hom na 'n koppie, met die opdrag dat hy nie huis toe kom voor hy 'n diamant gekry het nie. 'n Paar dae later is Damon terug met 'n hand vol blink klippies. Dit was 16 Julie 1871.

Die groep haas hulle toe na die koppie om kleims af te steek. Hulle noem dit toe die Colesbergkoppie. Die vonds was spoedig wêreldwyd bekend en mense het van oral oor na die koppie gestroom.

Spoedig het die koppie begin verdwyn soos delwers al dieper in die aarde agter die klein klippies aan gedelf het. 1600 Kleims is in die myn uitgesit. Kables en stellases het die steeds groter wordende gat deurkruis. Dit het later soos 'n groot spinnekopweb gelyk. Die gemeenskap het die naam de Beers gekry, genoem na

die eienaars van die plaas Vooruitzigt. In 1873 kry die myndorpie die naam Kimberley, genoem na die Britse koloniale Sekretaris, Lord Kimberley.

Die sogenoemde blou grond was die kimberiet wat die vulkaniese pyp, wat die diamante gedra het, omsluit het. Almal het daarna begin delf en soek.

Toestande in die myndorpie was haglik. Daar was geen voorsiening vir higiëniese lewensomstandighede gemaak nie. Elkeen wou net ryk word. Vir niks anders was daar plek of tyd nie.

Behalwe vir die primitiewe omstandighede waaronder mense geleef het, was dit baie gevaarlik, want saam met die diamante het ook die skelms gekom.

Die huisies was gemaak van sink en hout en sommige het in tente gebly. Tog was dit 'n jolige klomp. Baie whisky en champagne en die skielike vertrek van mense óf met 'n fortuin óf in die diepste ellende, was 'n alledaagse verskynsel.

Die myn wat eers 'n koppie was, staan vandag bekend as die Groot Gat. Dit is die grootste en diepste gat wat ooit deur mense gegrawe is. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 is die myn gesluit. In die 43 jaar wat die myn in bedryf was, is 25 miljoen ton grond verskuif en 14,504,375 karaat diamante uitgehaal. Dit is ongeveer 3 ton diamante.

Later jare is ook aan die weskus en in Namibië goeie neerslae diamante gevind. Die prys van diamante word hoog gehou deur uitstekende beheer uit te oefen oor die verkoop daarvan.

By Kimberley is 'n museumdorpie wat die veelbewoë lewe op die delwerye mooi realisties uitbeeld. Dit is beslis 'n besoek werd.

#### AANBIEDING

1. Soos met die vorige aanbiedings vra ons weereens dat die stuk nie gelees moet word nie, maar beleef moet word.
  - Laat die span op die rugbyveld of kampterrein vir hul elkeen 'n kleim afsteek en dan soek na "diamante" in die vorm van lekkers wat vooraf weggesteek is.
  - Demonstreer die uitwas van diamante en goud in die sogenoemde panne.
  - Bou 'n myndorpie met geriffelde karton.
  - Bekom 'n goeie foto van Die Groot Gat toe dit nog in werking was en bou 'n model daarvan.
2. Bring uself op die hoogte van staaltjies uit die delwersdae wat die vertellings kan opkikker.
3. Besoek 'n biblioteek en bekom leesstof oor die twee onderwerpe sodat dit tussen die spanlede versprei kan word. Elke lid kry dan 'n bepaalde opdrag wat hy vir die span moet kom meedeel nadat hy die nodige oplees werk gedoen het.
4. Dit is belangrik dat die kind die deurlopende lyn in sy volk se geskiedenis moet raaksien. Die oorsake, die gebeure en die gevolge van elke gebeurtenis moet so duidelik wees dat hy gretig uitsien na die volgende tree op sy volk se pad, omdat die geskiedenis nou vir hom sin maak.
5. Indien dit enigsins moontlik is moet 'n museumdorpie of 'n ou myn besoek word.
6. Stories wat in die tydperk afspeel kan ook weekliks as 'n vervolghverhaal gelees word in die laaste paar minute van die spanbyeenkoms.
7. Voltooi die opdragte in die werkboek.
8. Doen gerus ook die spesialisasie oor Delwerye.

## 9. Antwoorde op blokkiesraaisel:

<i>Af</i>	<i>Dwars</i>
1. <i>Oranje</i>	7. <i>Jagersfontein</i>
2. <i>Wheelbarrow</i>	8. <i>De Beers</i>
3. <i>Drie</i>	9. <i>Gold Reef</i>
4. <i>Damon</i>	
5. <i>Natal</i>	
6. <i>Uitlanders</i>	